

UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100
1918 · 2018

**REKTOR SE BESTUURSVERSLAG
AAN DIE RAAD**

Woensdag 25 September 2019

Prof WJS de Villiers,
Rektor en Visekanselier

Inhoudsopgawe

INLEIDING.....	4
TEMA 1: 'n FLORERENDE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH.....	5
1.1 Hersiene Statuut tree in werking.....	5
1.2 Navorsing en wetenskap aan die US.....	5
1.3 Brand by Huis ten Bosch.....	6
1.4 US stig Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenke.....	7
1.5 USB se voltydse MBA die beste in Afrika.....	8
1.6 Nuwe simbole waarmee die US saam vorentoe kan beweeg.....	8
1.7 Strategiese Plan 2019–2024.....	9
1.8 Strategiese Fonds.....	9
1.9 SUNFin.....	9
1.10 Die ontwerp van volhoubare akademiese programme.....	10
1.11 Gehalteversekering.....	10
1.12 Uitvoerende Beplanningsforum.....	10
1.13 Akademiese jaar 2018.....	10
1.14 Inskrywings vir 2019.....	12
1.15 Studentewerwing.....	14
1.16 Aansoeke vir inname 2020.....	15
1.17 Fondswerwing aan die US.....	15
1.18 Fakulteitsjaarboeke nou meer toeganklik.....	16
1.19 Webtuiste vir intreelesings.....	16
1.20 Transformasiewebtuiste.....	17
1.21 Strategiese belyning van die US-handelsmerk.....	17
1.22 Tempering van reputasieskade.....	17
1.23 Reputasiebestuursraamwerk.....	17
1.24 Risikobestuur.....	18
1.25 Universiteitskapasiteitsontwikkelingsplan.....	18
1.26 Interne kommunikasie.....	18
1.27 Geïntegreerde kommunikasieveldtogte.....	19
1.28 Eksterne kommunikasie (US in die nuus).....	20
1.29 Kapitaalprojekte.....	22
1.30 US Woordfees.....	24
1.31 US Museum.....	24
1.32 Kampussekuriteit.....	24
1.33 Hou die US gesond.....	24
1.34 Maties blink uit in winterspele.....	25
TEMA 2 : 'n TRANSFORMERENDE STUDENTE-ERVARING.....	25
2.1 Hofsaak oor Taalbeleid.....	25
2.2 Voorvalle in studentegemeenskappe.....	25
2.3 Studentefinansiering.....	26
2.4 Studenteterugvoer.....	29
2.5 Tutors.....	29
2.6 Nuwe ResED-koördineerders en koshuishoofde.....	29
2.7 Naaf vir vrywilligerdiens.....	29
2.8 Studenteleierskapsontwikkeling.....	30
2.9 Globale Spitsberaad vir Studenteleiers.....	30
2.10 Vaardighedsopleiding vir studente.....	30
2.11 Kortkursus oor gesondheid.....	31
2.12 Kortkursus oor wêreldburgerskap.....	31
2.13 Loopbaanskoue.....	31

2.14	Maties presteer in sport.....	32
TEMA 3: DOELGERIGTE VENNOOTSAPPE EN INKLUSIEWE NETWERKE		32
3.1	Internasionaliseringstrategie	33
3.2	Komitee vir Eksterne Betrekkinge.....	33
3.3	Beraad en konferensie oor sosiale geregtigheid	33
3.4	Ouditeur-Generaal lewer jaarlikse menseregtelesing	34
3.5	US-professor dien op wêreldwye raad teen korrupsie	35
3.6	Globale leerstoel aan US-professor toegeken	35
3.7	Skakeling met belanghebbendes	35
3.8	Fokus op Afrika.....	35
3.9	Suider-Afrikaanse Netwerk van Watersentrums van Uitnemendheid	36
3.10	Internasionale vennootskappe	36
3.11	Besoekende afvaardigings	37
3.12	Kaapse Hoëronderwyskonsortium.....	38
3.13	Samewerking met UWK	38
3.14	Uitgebreide Onderwyspraktisynsopleidingsprogram	38
3.15	Samewerking om voedsel nood te bekamp.....	39
3.16	Voedselsekerheidsintervensie vir Weskus skole	39
3.17	Gesondheidsvennootskappe.....	39
3.18	Opleiding van gemeenskapsleiers.....	40
TEMA 4: GENETWERKTE EN SAMEWERKENDE ONDERRIG EN LEER.....		40
4.1	Onderrigvaardigheidsontwikkeling.....	40
4.2	Verlengde Graadprogram	41
4.3	Winterskool van die Afrika Doktorale Akademie.....	41
4.4	Aanlyn opleiding vir studieleiers van doktorale kandidate.....	41
4.5	Hibriede modules en programme.....	41
4.6	Vermoëbou vir universiteitsregistrateurs.....	42
4.7	Leer en onderrig deur KGD	42
TEMA 5: NAVORSING VIR IMPAK		43
5.1	Oorsig van US-navorsing in 2018	43
5.2	SUNScholarData bekend gestel.....	43
5.3	Navorsing onder leiding van US onthul hoë tempo van plantuitsterwings in SA	43
5.4	US se haai-afskriktegnologie by gewilde oorsese strandoord beproef	44
5.5	IDASA-versameling aan US toevertrou	44
TEMA 6: VOORKEURWERKGEWER.....		45
6.1	Eksterne hersiening van Menslike Hulpbronne	45
6.2	Diensbillikheid.....	45
6.3	Vroue van die US.....	46
6.4	Senior aanstellings	46
6.5	Personeelbyeenkoms.....	47
6.6	Transformasievaardighede vir personeellede	47
6.6	Die verbetering van personeelwelstand	47
6.7	Gesondheidsbewustheid.....	48
6.8	Leierskap- en bestuursontwikkeling	48
SLOT		48
BYLAAG: MENINGSARTIKELS EN RUBRIEKE		49
	Meningsartikels (28 Mei tot 2 September 2019)	49
	Rubrieke (28 Mei tot 2 September 2019)	54
MEDEWERKERS.....		56

INLEIDING

Welkom by die **eerste Raadsvergadering van die tweede semester** van 2019. Sedert ons laas in Junie byeengekom het, het daar heelwat in Suid-Afrika gebeur wat nie net die hoërondwyssektor in die algemeen raak nie, maar ook die Universiteit Stellenbosch (US) in die besonder.

Eers het **xenofobiese aanvalle** op burgers van ander Afrikalande weer teen die einde van Augustus opgevlam, met verwoestende gevolge vir individue en gemeenskappe. Die regering het die geweld veroordeel, maar die internasionale reputasie van ons land het ongetwyfeld ernstige skade gely. Die US is ten sterkste gekant teen xenofobie. Die meerderheid van ons meer as 4 000 internasionale studente kom van ander Afrikalande en dra tot die ryke diversiteit van ons kampusgemeenskap by. In 'n kampusmededeling het ek hulle verseker dat ons hulle veiligheid en welstand op die hart dra.

Die moord op twee vrouestudente van onderskeidelik die universiteite van Wes-Kaapland en Kaapstad in afsonderlike voorvalle het ook skokgolwe deur die land gestuur. Dit het tot landwyse protesaksie teen **geslagsgebaseerde geweld** (GGG) onder die slagspreuk "Genoeg is genoeg" gelei. Ook by die US het hierdie sentiment opgeklink, nie net in bestuursmededelings nie (klik [hier](#), [hier](#) en [hier](#)), maar ook in studente en personeellede se beroep op die Universiteit om méér te doen in die stryd teen GGG. Rektoraatslede op ons Stellenboschkampus het op 6 September 'n massavergadering bygewoon en 'n memorandum van studente in ontvangs geneem. Die bestuur het kennis geneem van die kwessies wat geopper is, en dit kry tans dringend aandag.

Daar was die afgelope maande 'n aantal **ontstellende voorvalle** by die US waarin twee jongmense ernstig beseer en 'n student en 'n werknemer van 'n diensverskaffer oorlede is. ('n Afsonderlike item later in hierdie verslag bied meer inligting oor die voorvalle.) Die omstandighede van elke voorval is spesifiek en kompleks, en heelwat faktore is nog onbekend. Namate geloofwaardige inligting aan die lig kom, sal ons dit aan die Universiteitsgemeenskap bekend maak. Intussen werk ons Afdeling Studentesake aan dringende intervensies.

Die hoogtepunt van die tydperk sedert die vorige Raadsvergadering is ongetwyfeld die amptelike opening van die US se nuut gestigde **Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenk** op 29 Julie. Die wêreld is vinnig aan die verander, veral wat die insameling, uitruiling en benutting van data betref, en met die nuwe Skool pen die US 'n aandeel af in die toekoms wat besig is om te ontvou. Die Skool verskaf 'n enkele platform waar kennis by wyse van samewerking en met 'n interdisiplinêre reikwydte in diens van die samelewing bevorder kan word. (Sien ook die afsonderlike punt oor die openingsgeleentheid elders in hierdie verslag.)

Die inwerkingstelling van die US se **Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019-2024** stewig op koers. By 'n vergadering op 24 en 25 Julie het die Uitvoerende Beplanningsforum (UBF) – bestaande uit die Rektoraat, dekane en ander senior bestuurders – ooreengekom op **prioriteite** vir die bereiking van die US se visie om Afrika se voorste navorsingsintensiewe universiteit te wees, wat wêreldwyd as uitnemend, inklusief en innoverend erken word en waar ons kennis in diens van die samelewing bevorder. Sodoende verseker ons dat ons **saam vorentoe** beweeg, met 'n gemeenskaplike doelwit. (Vir meer besonderhede, sien die afsonderlike punt oor die UBF elders.)

Lede van die Rektoraat kry soos gewoonlik weer geleentheid om omvattende jaarverslae aan die Raad voor te lê. Dit is hierdie keer **prof Hester Klopper**, Viserektor: Strategie en Internasionalisering, en **prof Stan du Plessis**, Bedryfshoof, se beurt. My verslag lig daarom net 'n paar ontwikkelings in hulle verantwoordelikhedsentrus uit. Raadpleeg gerus hulle verslae vir meer volledige inligting.

Hierdie verslag dek die tydperk **17 Mei tot 7 Augustus 2019**, tensy anders aangedui. Ek en die ander bestuurslede verwelkom hierdie geleentheid om met ons kollegas in die Raad in gesprek te tree.

TEMA 1: 'n FLORERENDE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

Ons [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#) (klik op die skakel vir die volledige dokument) lui soos volg oor hierdie kern strategiese tema: “Om die US 'n **florerende organisasie** te maak, beoog ons 'n **lewenskragtige, voorspoedige en sistemies volhoubare** universiteit (met 'florerend' wat omskryf word as 'om sukses te behaal of bestendige vordering te maak; om voorspoedig te wees; om te gedy'). Die US erken die groot uitdagings verbonde daaraan om 'n florerende universiteit te word. Ons besef dat ons responsief sowel as proaktief moet wees om die toekoms van die Universiteit te rig. Ons is verbind tot sistemiese volhoubaarheid, wat mense, plek (sosiaal), welvaart (ekonomies) en die omgewing insluit en verantwoordelike korporatiewe oorsigbestuur noodsaaklik maak”.

1.1 Hersiene Statuut tree in werking

Die US se nuwe Statuut is nou van krag nadat dit op 16 Augustus 2019 in die **Staatskoerant** gepubliseer is ([klik hier om te besigtig](#)). Die US Raad het dit in November 2018 aanvaar en die Minister van Hoër Onderwys, Wetenskap en Tegnologie het dit op 10 Julie 2019 onderteken. **Oorgangsmatreëls** om uitvoering te gee aan die nuwe Statuut is tans in die beplanningsfase. Die Universiteit het 24 maande om die samestelling van ons statutêre liggame in lyn met die nuwe Statuut te bring.

'n Uitgebreide oorlegplegingsproses om die vorige Statuut (van 2016) te hersien het in Augustus 2017 'n aanvang geneem. 'n Taakgroep onder leiding van die Registrateur, dr Ronel Retief, het saam met deskundiges aan die nuwe dokument gewerk. Oorlegpleging het uit verskeie werksessies, 'n maand lange proses van openbare deelname sowel as bydraes deur belanghebbendes soos fakulteitsrade, die Studenteraad (SR) en die uitvoerende bestuur van die Konvokasie bestaan.

Die Statuut is die **US se grondwet**. Dit bied die institusionele raamwerk vir die doeltreffende oorsigbestuur en administrasie van die Universiteit. Alle reëls, beleide of ander instrumente wat Universiteitsliggame en -amptenare neerlê, is onderworpe aan die Statuut.

Dit bepaal onder meer die **samestelling en funksionering** van die Raad, Senaat, fakulteitsrade, die SR, die Institusionele Forum en die Konvokasie. Dit sit die **pligte en verantwoordelikhede** van ampsdraers soos die Kanselier, Rektor en Visekanselier, viserektore, Bedryfshoof, Registrateur en dekane uiteen. Dit bevat bepalings oor skenkers, werknemers en studente. Boonop handel dit oor die **kwalifikasies** en eregrade wat die Universiteit verleen en toeken.

Die Statuut is op sy beurt onderworpe aan die Grondwet van Suid-Afrika, 1996, en moet ook met die Wet op Hoër Onderwys, 1997, strook. Dit verbind die Universiteit tot oop, deursigtige, verantwoordelike en verantwoordbare oorsigbestuur en administrasie, en bevat verskeie **wigte en teenwigte** om dít te verseker. Daarbenewens beoog die dokument om die Universiteitsgemeenskap te verenig in die strewe na akademiese en administratiewe uitnemendheid wat die samelewing in die geheel baat.

Die daarstel van Institusionele Reëls wat die bepalings in die Statuut sal ondersteun – 'n vereiste van die Wet op Hoër Onderwys – begin binnekort. Die nuwe Statuut sal in [Afrikaans](#), Xhosa en Engels op die [amptelike webblad](#) vir beleide en regulasies van die Universiteit beskikbaar wees.

1.2 Navorsing en wetenskap aan die US

Die opskudding oor die publikasie van die artikel “[Age- and education-related effects on cognitive functioning in Colored South African women](#)” deur akademici van die US in die internasionale vaktydskrif [Aging, Neuropsychology, and Cognition](#) is breedvoerig by die vorige vergadering van die Senaat en die Raad bespreek.

Die Senaat het op 31 Mei in 'n eenparige mosie spesifieke strukture versoek om werk te maak van konkrete voorstelle. Twee sake is na die Senaat se **Akademiese Beplanningskomitee** (ABK) verwys:

1. dat “oorweging geskenk word aan die aanbieding van ’n **module** oor teenrassisme, demokrasie en kritiese burgerskap vir alle eerstejaarstudente”; en
2. dat “**departemente** soos Gender en Kritiese Rasstudie by die US se institusionele struktuur ingesluit word”.

Die ABK het intussen hieraan begin werk. Oor die eerste saak – ’n moontlike **module** – het die ABK twee voorleggings (deur die Sentrum vir Studenteleierskap en -strukture en die Transformasiekantoor, onderskeidelik) bespreek, en soos volg ooreengekom:

- alle fakulteite moet eers geraadpleeg word;
- ’n geïntegreerde benadering is verkieslik bo afsonderlike krediete;
- fakulteite moet saamwerk om leergeleenthede interfakultêr te benut; en
- hierdie soort inisiatief moet deel van programvernuwing in die geheel uitmaak.

Prof Arnold Schoonwinkel, die Viserektor: Leer en Onderrig, het **dr Choice Makhetha**, die nuwe Senior Direkteur: Studentesake, versoek om die beplanning van hierdie projek te koördineer. Prof Schoonwinkel het ook onderneem om ’n skrywe aan dekane te rig.

Oor die tweede saak – die moontlike instel van **departemente** van gender- en kritiese rasstudies – het die ABK besluit op ’n opname om te bepaal watter sodanige aktiwiteite reeds aan die US plaasvind.

Die Senaatsmosie het ook twee verdere voorstelle bevat, wat verwys is na die **Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie (VR:NINS)**:

1. dat “oorweging geskenk word aan die instel van ’n toegewyde kampuswye meganisme vir die transformasie van navorsing en wetenskap”; en
2. dat “die Navorsingskantoor ’n stel kortkursusse vir alle personeellede aanbied” oor onderwerpe soos “die gebruik van menslike kategorieë in navorsing en wetenskap”.

Prof Eugene Cloete, die VR:NINS, het hieraan begin werk en solank die volgende terugvoer aan die Rektoraat verskaf:

Oor die eerste saak – ’n **meganisme** vir die transformasie van navorsing en wetenskap aan die US – word voorgestel dat die Universiteit die [Globale Gedragkode vir Navorsing in Hulpbronarm Kontekste](#) aanneem. Die Senaat sal hieroor geraadpleeg word.

Oor die tweede saak het prof Cloete gerapporteer dat navorsingsintegriteit reeds in bestaande **kortkursusse** gedek word. Hy sal die Senaat van besonderhede voorsien. Die moontlikheid van verpligte opleiding in navorsingsetiek word oorweeg, maar intussen word bestaande opleiding soveel moontlik uitgebou met die oog op groter bewusmaking.

Die Raad se Oudit- en Risikokomitee het ’n **eksterne audit** versoek van risiko’s en beleide aan die US wat op navorsing betrekking het. Dit is vir Augustus geskeduleer.

Intussen duur die omvattende **ondersoek** na die publikasie van die artikel voort. Prof Willie Perold is die aangewese **Navorsingsintegriteitsbeampte**. Die bevindinge van die ondersoek sal bekend gemaak word sodra alle prosesse afgehandel is.

1.3 Brand by Huis ten Bosch

Die US het die brand op 12 Augustus by die vrouekoshuis Huis ten Bosch op ons Stellenboschkampus in die omstandighede **goed hanteer**. Daar was gelukkig geen lewensverlies of ernstige beserings nie, die skade was betreklik beperk, alternatiewe blyplek is vir ál 164 inwoners gevind, en **herstelwerk** behoort teen vroeg volgende jaar afgehandel te wees.

Nadat daar omstreeks 19:00 alarm gemaak is, is die koshuis vinnig **ontruim**. Die koshuishoof, me Karen Swart, studenteleiers in die koshuis en al die inwoners verdien lof hiervoor.

Die **brandmure** wat die afgelope paar jaar in al ons ouer geboue geïnstalleer is, het gehelp keer dat die vlamme verder versprei. Die brandweer het die vlamme teen 20:30 geblus en ons het **Stellenbosch Munisipaliteit** intussen vir hulle flink reaksie bedank.

Ons sê ook graag dankie aan die plaaslike **gemeenskap, alumni en vriende** van die Universiteit wat ruimskoots bygedra het om die nood te verlig van inwoners wat hulle besittings in die brand verloor het.

’n **Gebeurlikheidskomitee** onder aanvoering van die US se Bedryfshoof, prof Stan du Plessis, het dieselfde aand nog byeengekom om die noodgeval te bestuur, en het die daaropvolgende drie weke na gelang van behoefte vergader.

Die Universiteit se **Krisiskommunikasieplan**, wat ’n jaar gelede goedgekeur is, het in werking getree en Korporatiewe Kommunikasie het gereeld inligting aan inwoners, ouers en voogde sowel as die res van die Universiteitsgemeenskap oorgedra. ’n Spesiale [webblad](#) is ook geskep, massa-e-posse en – SMS’e is uitgestuur, en sosiale media is ingespan om die publiek op hoogte te hou van gebeure.

Die **Universiteitsgemeenskap** het waarlik saamgestaan om diegene wat deur die brand geraak is te help. Ander koshuise het inwoners tydelik ingeneem; die Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling het berading voorsien; fakulteite en dosente het die studente akademies bygestaan; Fasiliteitsbestuur het gehelp om alternatiewe verblyf vir die inwoners te kry; en Vervoerdienste het vervoer help reël vir inwoners wat nou verder van die kampus bly.

Die vlamme het agt kamers in puin gelê. Nogtans het die **versekeraar** ná ’n inspeksie op 15 Augustus aangedui dat die hele gebou vir die res van die jaar gesluit moet word terwyl herstelwerk geskied. Ons hoop om Huis ten Bosch terselfdertyd ook op te knap en te verbeter.

1.4 US stig Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenke

Die nuwe [Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenke](#) aan die US is op 29 Julie amptelik bekendgestel.

Die weg hiervoor is gebaan deur die **Senaat** en die **Raad** se aanvaarding verlede jaar van ’n nuwe stel “Reëls vir Akademiese Entiteite Binne en Benewens Departemente en Fakulteite”. Dit het dit moontlik gemaak om die Skool as ’n alleenstaande entiteit te vestig – wat **nie binne ’n sekere fakulteit gesetel is nie maar bande met alle fakulteite het**.

Die Skool is ’n tasbare uitdrukking van die US se *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019-2024*, wat aan die begin van die jaar in werking getree het. In hierdie dokument verklaar die Universiteit onomwonde dat dit diepgaande en volhoubare verandering en hernuwing in alle fasette en funksies van die US wil bewerkstellig met die oog daarop om vernuftig, aanpasbaar en responsief te wees. Dit verklaar ook dat die US daarna streef om vir die mense van Suid-Afrika, die vasteland en die res van die wêreld relevant te wees, en om betekenisvolle bydraes van die hoogste gehalte tot die vooruitgang van die mensdom te lewer.

By die openingsgeleentheid het die Skool se waarnemende direkteur, dr Wim Delva, gesê dat die entiteit mense in die regering, die sakewêreld en nuwingsgewende organisasies by mekaar sal laat aansluiting vind in hul pogings om groot data in te span om die **uitdagings van ons tyd** aan te pak. Die sal ook ’n roetekaart aan voornemende **studente** verskaf van wat hulle op die gebied van datawetenskap en rekenaardenke aan die US kan studeer.

’n Vooraf opgeneemde [videoboodskap](#) van dr Blade Nzimande, minister van hoër onderwys, wetenskap en tegnologie, is by die geleentheid gespeel. Dr Nzimande beskryf die stigting van die Skool as ’n transformerende en historiese gebeurtenis vir die US en hoër onderwys in Suid-Afrika omdat dit studente op ’n **snel veranderende werksomgewing** sal help voorberei.

In my [toespraak](#) het ek gesê daar sal beslis uitdagings wees, maar daar kan beswaarlik 'n beter manier wees waarop 'n universiteit die toekoms kan help vorm as om al ons **kundigheid**, wat tot op hede oor tien fakulteite heen versprei was, **byeen te bring**.

Ek wil graag die talle individue en strukture aan die US bedank wat daartoe meegewerk het om die Skool vir Datawetenskap en Rekenaardienke tot stand te bring – in die besonder **prof Eugene Cloete**, Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies, onder wie se leiding die projek deurgevoer is.

1.5 USB se voltydse MBA die beste in Afrika

Eduniversal, 'n internasionale onderwysgraderingsagentskap met sy hoofkantoor in Parys, het die voltydse MBA-program van die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool (USB) as die beste program van sy soort in Afrika aangewys.

USB is ook bestempel as die beste universele bestuurskool met 'n sterk wêreldwye invloed. Die instelling is net verlede jaar as die voorste uitnemende bestuurskool in Suid-Afrika aangewys. Hierdie graderings spruit uit 'n stemming deur dekane van bestuurskole wêreldwyd op grond van 'n lys kriteria.

1.6 Nuwe simbole waarmee die US saam vorentoe kan beweeg


Ons Afdeling Sosiale Impak het op 26 Augustus nuwe simbole bekend gestel waarmee die US saam vorentoe kan beweeg. Die openbare bekendstelling was in die vorm van 'n **rondleiding** na, onder andere:

- *Die Kring*, 'n kunsinstallasie op die grasperk langs die Rooiplein, wat 11 vroue uitbeeld;
- sitbanke daar naby waarop verwelkomingsfrases in 15 Suid-Afrikaanse tale, onder meer Braille, Suid-Afrikaanse Gebaretaal en San, gegraveer is;
- die Biblioteekpanele met boodskappe van ons Eeufeesvieringe;
- die kaart van Die Vlakte by die ingang van die Lettere en Sosiale Wetenskappe-gebou; en
- die herdoopte Adam Small Teaterkompleks.

Gaste wat die rondleiding meegemaak het, het lede van die breër Stellenbosse gemeenskap ingesluit, soos Die Vlakte Forum, Stellenbosch 360 en SOST (die Stellenbosse buitelugkunswerktrust). Twee van die individue wat in *Die Kring* uitgebeeld word, die US se prof Thuli Madonsela en die Suid-Afrikaanse aktrise Quanita Adams, was ook daar.

Die Kring is geskep deur me Stephané Conradie van die US se Departement Visuele Kunste, en gegiet deur mnr Jacques Buys van die Stellenbosch Kunstgieterij. Conradie het vroeër in 'n onderhoud gesê die werk beoog om die **kultuur van simbole in openbare ruimtes** te vernuwe deur almal te nooi om aan die gesprek deel te neem.

In sy toespraak by die bekendstelling het prof Nico Koopman, Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel, die US se toewyding aan **menswaardigheid, geregtigheid, versoening** en die **genesing** van die wonde van die verlede bevestig, en onderstreep dat die inisiatief deel uitmaak van die Universiteit se transformasieproses. My boodskap by die geleentheid was dat die US graag die **Universiteitsgemeenskap wil verenig** met simbole wat dit moontlik maak om saam vorentoe te beweeg.



Figuur 1: 'Die Kring', 'n nuwe kunsinstallasie langs die Rooiplein, is 'n uitbeelding van 11 Suid-Afrikaanse vroue wat byeenkom in 'n openbare ruimte wat sinoniem is met lewendige interaksie en daaglikse gesprek.

1.7 Strategiese Plan 2019–2024

Nadat 'n nuwe visie en strategie verlede jaar aanvaar is, is 'n aantal **werksessies** gedurende Mei vanjaar aangebied. Die klem het daarop geval om strategiese leierskap teen die agtergrond van die nuwe visie, missie en waardes te verstaan, en om beplanning deur die hele instelling met die ses kern strategiese temas en aksies in die *Strategiese Plan 2019–2024* te bely.

Die **omgewingsplanne** van alle verantwoordelikhedsentrusse (VS'e) en fakulteite is ingedien en gekonsolideer in die aanloop tot die Uitvoerende Beplanningsforum op 24 en 25 Julie, waar hulle gebruik is om die mate van belyning tussen alle US-omgewings te bepaal. Op grond daarvan kon die vernaamste aktiwiteite en **prioriteite** vir 2020 uitgewys word, wat nou die **US se bedryfsbegroting vir aanstaande jaar sal rig**. Daarbenewens sal dit die rigshoër wees vir die skryf van die US se Institusionele Plan, wat teen Desember elke jaar by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) ingedien moet word.

Intussen duur die **visuele bekendstelling** van *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* voort. Die Afdeling Strategiese Inisiatiewe werk nouste met fakulteite en professionele, administratiewe en steundiens- (PASD-)afdelings saam om die doeltreffendste toepassings vir die onderskeie omgewings te bepaal. Die plan is ook om dit na studentegemeenskappe uit te brei.

1.8 Strategiese Fonds

Die Rektooraat het op 9 April 'n hersiene reglement vir die US Strategiese Fonds goedgekeur. Die Fonds fokus uitsluitlik op inisiatiewe wat, hoewel dit met die US se visie, missie en kern strategiese temas in *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019-2024* strook, nie uit die Universiteit se hoofbedryfsbegroting gefinansier kan word nie. Daar is nou drie aansoekategorieë, naamlik **strategiese inisiatiewe**, **strategiese uitstyg- en openbaremeningsprojekte** ("high-rise and public-square projects"), en **strategiese aanstellings**. Prof Klopper verskaf in haar afsonderlike verslag aan die Raad meer besonderhede.

1.9 SUNFin

As deel van ons strategiese raamwerk se doelwit om stelsels met mekaar in lyn te bring, is die SUNFin-implementeringsprojek **op koers** om in Januarie 2021 amptelik in werking gestel te word. Die eerste mylpaal is gedurende die verslagtydperk behaal met 'n aantal werksessies oor wolkproseskoördinering ("cloud process alignment") wat deur die US se implementeringsvennoot, Visions Consulting, aangebied is.

Die doel met die werksessies was om te sorg dat verteenwoordigers en kernbesluitnemers van die afdelings Finansies, Informatietegnologie en Menslike Hulpbronne sowel as fakulteite goed onderlê is in die nuwe Oracle Financials Cloud-oplossing. Dít sal hulle in staat stel om die nodige veranderinge aan huidige bedryfsproesse aan te bring om die suksesvolle implementering van die nuwe SUNFin-stelsel in die hand te werk.

1.10 Die ontwerp van volhoubare akademiese programme

Omdat die akkreditasie van 'n nuwe akademiese program so 'n lang proses is, word daar dikwels uitsluitlik op die vereistes vir suksesvolle akkreditasie gefokus, en ontvang implementering eers aandag nadat akkreditasie bekom is. Dít impliseer dat finansiële beplanning, waaronder studentegeld, direkte koste en soms selfs uitvoerige personeelbeplanning, dikwels eers oorweeg word wanneer die voorbereiding vir werklike implementering begin. Gevolglik moet finansiële beplanning binne die perke van 'n goedgekeurde program geskied, in plaas daarvan om uit die staanspoor finansiële volhoubare programme te ontwerp.

Die bestuur het derhalwe besluit om 'n omvattender metode vir die evaluering van nuwe programme in werking te stel. Dié metode sal vereis dat 'n **finansiële volhoubaarheidsverslag uit die staanspoor** by nuwe programvoorleggings ingesluit word. Prof Hester Klopper, Viserektor: Strategie en Internasionalisering, sal in haar eie volledige jaarverslag aan die Raad hierop uitbrei.

1.11 Gehalteversekering

Die US se gehalteversekeringswerk duur voort. In die verslagtydperk het die **Skool vir Georuimtelike Studies en Inligtingstelsels** (Krygskunde), **Maties Sport** (verantwoordelikeheidsentrum van die Bedryfshoof) en die **Departement Landbou-ekonomie** (AgriWetenskappe) die dubbele proses van self- en eksterne evaluering ondergaan.

Die departemente **Moderne Vreemde Tale** en **Inligtingwetenskap** (albei in Lettere en Sosiale Wetenskappe), **Logistiek** (Ekonomiese en Bestuurswetenskappe) sowel as **Hortologie** en **Voedselwetenskap** (albei in AgriWetenskappe) het hul tweejaaropvolgverslae as deel van die evalueringsproses voltooi.

1.12 Uitvoerende Beplanningsforum

Die US het jaarliks twee beplanningsvergaderings op universiteitswye vlak. Die Institusionele Beplanningsforum (IBF), bygewoon deur die uitgebreide bestuurspan, het op 19 en 20 Februarie plaasgevind. Dít is waar die US se **Strategiese Plan 2019–2024** afgehandel is. Die vergadering in die middel van die jaar, wat nou as die Uitvoerende Beplanningsforum (UBF) bekend staan, is op 24 en 25 Julie gehou, en is bygewoon deur die US se uitvoerende en senior bestuurders. Hierdie byeenkoms het verdere stukrag verleen aan die US se **beplanning vir 2020 en daarna**.

Die brondokumente waarmee die UBF gewerk het, was die verskillende omgewingsplanne, wat vanaf vanjaar korter en meer toegespitste dokumente is wat sterk inskakel by die oorhoofse institusionele strategiese raamwerk en plan. Op grond van hierdie planne kon die UBF **prioriteite** vir die US bepaal. Die prioriteite sal nie net die **institusionele begroting** vir die volgende jaar rig nie, maar sal ook as grondslag dien vir multijaar- **strategiese projekte** wat deurslaggewend sal wees om die US se Visie 2040 te verwesenlik.

1.13 Akademiese jaar 2018

Belanghebbendes se terugvoering oor die twee stelde gradeplegtighede vir die akademiese jaar 2018 (Desember 2018 en April 2019) was positief, hoewel daar steeds ruimte vir verbetering is. Verskeie voorstelle ter verbetering is via die **taakgroep oor gradeplegtighede** ontvang. Die voorstelle sal ondersoek en, indien dit haalbaar blyk te wees, geïmplementeer word om sowel gaste as studente se ervaring te verbeter.


Soos die volgende opsomming deur die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur toon ([klik hier](#) vir die volledige verslag), het die getal **kwalifikasies** wat toegeken is stelselmatig **toegeneem**.

Die getal voorgraadse kwalifikasies het van 2017 tot 2018 met 1,3% toegeneem, en met 22% oor die vyf jaar sedert 2014. Nagraadse kwalifikasies het van 2017 tot 2018 met 2,1% gedaal, maar oor die vyf jaar met 13,8% toegeneem.

	2014	2015	2016	2017	2018	Groeiakoers % (2017- 2018)	Groeiakoers % (2014- 2018)
Voorgraads	3 502	3 702	4 032	4 226	4 279	1,3	22,2
Voorgraadse diploma/sertifikaat	26	94	17	65	34	-47,7	30,8
Voorgraadse baccalaureus (algemeen)	2 141	2 211	2 502	2 640	2 560	-3,0	19,6
Voorgraadse baccalaureus (professioneel)	1 335	1 397	1 513	1 521	1 685	10,8	26,2
Nagraads	4 152	4 201	4 319	4 822	4 723	-2,1	13,8
Nagraadse diploma/sertifikaat	1 303	1 298	1 195	1 356	1 335	-1,5	2,5
Nagraadse baccalaureus	83	73	81	75	77	2,7	-7,2
Honneurs	1 235	1 185	1 296	1 462	1 486	1,6	20,3
Magister	1 297	1 378	1 469	1 624	1 517	-6,6	17,0
Doktoraal	234	267	278	305	308	1,0	31,6
Groototaal	7 654	7 903	8 351	9 048	9 002	-0,5	17,6

Tabel 1: Getal graduandi volgens tipe kwalifikasie, 2014-2018.

Sowat 47,5% van kwalifikasies wat in 2018 toegeken is, was op voorgraadse vlak, en 52,5% nagraads.




Figuur 2: Verdeling van graduandi volgens tipe kwalifikasie, 2018.

Die persentasie voorgraadse studente wat hulle kwalifikasies cum laude verwerf het, het van 6,3% in 2017 tot 7,2% in 2018 toegeneem, terwyl die persentasie nagraadse studente wat cum laude behaal het effens afgeneem het van 19,9% in 2017 tot 19,2% in 2018.

	2017			2018		
	Slaag	Slaag cum laude	Totaal	Slaag	Slaag cum laude	Totaal
Voorgraads	3 959	267	4 226	3 971	308	4 279
Nagraads	3 558	959	4 517	3 509	906	4 415
Groototaal	7 517	1 226	8 743	7 480	1 214	8 694

Tabel 2: Voorgraadse teenoor nagraadse kwalifikasies cum laude en gewoonweg geslaag (doktorale studente uitgesluit) in getalle, 2017-2018.



Figuur 3: Voorgraadse teenoor nagraadse kwalifikasies cum laude en gewoonweg geslaag (doktorale studente uitgesluit) in persentasies, 2017-2018.


Wat **fakulteite** betref, was daar ’n styging in voorgraadse kwalifikasies in AgriWetenskappe (+14,2%), Opvoedkunde (+22,2%), Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (+16,7%) en Teologie (+44,8%). Die getal voorgraadse kwalifikasies in Lettere en Sosiale Wetenskappe het met 10,2% gedaal.

1.14 Inskrywings vir 2019

Die **registrasieproses** vir 2019 het sonder enige verneme haakplekke verloop. Aanlyn registrasie het op 14 Januarie geopen en tot 29 en 31 Januarie onderskeidelik vir nuwelingeerstejaar- (NE-)studente en senior (terugkerende voorgraadse) studente geduur. Ondersteunde registrasie vir NE-studente het op 28 en 29 Januarie plaasgevind. Die meeste registrasies het op 1 Februarie gesluit, buiten magister- en doktorsale registrasies. Die sukses van die registrasieproses vir 2019 kan toegeskryf word aan skakeling met kernbelanghebbendes, interne samewerking en doeltreffende kommunikasie, sowel intern as ekstern. ’n Geïntegreerde registrasietaakgroep onder leiding van die Registrateur het wéér ’n belangrike rol gespeel om die registrasieproses proaktief te beplan. Die hoofdoelmerk was om ’n positiewe studente-ervaring te skep.


Hieronder volg ’n oorsig van die inskrywingstatistieke vir 2019 op grond van die amptelike syfers wat die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur in Junie uitgereik het. [Klik hier](#) vir hulle volledige verslag.

Die **totale getal** inskrywings het van 31 765 in Junie 2018 tot 31 681 in Junie 2019 gedaal. Dit is ’n algehele afname van 0,3%. **Voorgraadse** inskrywings het met 0,2% afgeneem, en **nagraadse** inskrywings met 0,9%, terwyl inskrywings deur **geleentheidstudente** met 4,3% toegeneem het.




Figuur 4: Getal voor- en nagraadse inskrywings, 2015-2019, en verspreiding in 2019.

Ondanks die suksesvolle registrasieproses, het die instelling nie sy **NE-mikpunt vir 2019** gehaal nie. Die getal NE-inskrywings het van jaar tot jaar met 4,4% afgeneem, en 6,1% onder die mikpunt vir Junie 2019 geëindig.




Figuur 5: Nuwelingeerstejaar- (NE-)inskrywings en -mikpunte, 2015-2019.

Wat inskrywings volgens bevolkingsgroep betref, het die getal swart Afrikaanstudente van 2018 tot 2019 met 4,5% toegeneem, en die getal Indiër- en Asiërstudente met 3,8%. Die getal bruin studente het feitlik onveranderd gebly. Nietemin was NE-inskrywings uit die bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiër- (BSIA-) groepe vanjaar 10,4% onder die Junie-mikpunt. BSIA-inskrywings het 37,9% van algehele NE-inskrywings vir 2019 uitgemaak, wat sowat 2% minder is as die mikpunt van 39,6%.



Figuur 6: Getal inskrywings volgens bevolkingsgroep, 2015-2019.



Figuur 7: Verspreiding van NE's volgens bevolkingsgroep in 2019.

Redes vir inskrywing:

- Die belangrikste rede vir inskrywing aan die US in 2019 was die **akademiese reputasie** van ons Universiteit – altesaam 87% van respondente het dit as rede aangevoer. Dit was die belangrikste rede vir alle bevolkingsgroepe.
- Tweede op die lys van redes was die US se reputasie vir sosiale aktiwiteite (35% van respondente). Dit was tweede vir die wit bevolkingsgroep, maar nie onder die voorste vyf redes vir ander respondente nie.
- Derde was die beskouing dat die US stabiel en veilig is (34% van respondente). Dit was onder die voorste vier redes vir alle subgroepe.

Twee hoofkategorieë van **hindernisse tot toegang** is geïdentifiseer, naamlik:

- onvoldoende finansiële steun, geen bekostigbare huisvesting naby die kampus nie, en vervoerkwessies; asook
- pas nie in by die US se kultuur nie, en Afrikaans.

Vir 'n vollediger ontleding, [klik hier](#) vir die verslag oor tendense in aansoeke, inskrywings en inskrywingsyfers vir nuwelingeerstejaars van 2017 tot 2019, wat die afdelings Inligtingsoorsigbestuur en Studentetoeegang gesamentlik opgestel het.

1.15 Studentewerwing

Die Sentrum vir Studentewerwing en Loopbaanadvies (SSW) is daartoe verbind om innoverende tegnieke en benaderings te gebruik om die US as voorkeurstelling binne die mark vir voornemende studente te posisioneer. Die Sentrum se strategiese werwingsplan is dienooreenkomstig belym met die US se institusionele doelstellings soos dit in *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019-2024* gestel word deur die **beste akademiese talent** hierheen aan te lok, aan die US bekend te stel en vir die US te behou.

Verskeie aktiwiteite is in die verslagtydperk in vennootskap met sowel fakulteite as die Wes-Kaapse Departement van Onderwys onderneem om leerders van studiegeleenthede bewus te maak. Dít het ingesluit skoolbesoeke (wat meer as 11 200 senior leerders bereik het), inligting- en motiveringessies, studieloopbaanskoue, onderwysergeleenthede, kampusgeleenthede, psigometriese toetsing en fakulteitswinterweke. 'n Voorbeeld was die interaksie met **toppresteerders** van skole in Delft, Philippi en Khayelitsha.



Figuur 8: Die US se Sentrum vir Studentewerwing en Loopbaanadvies het in die verslagtydperk 28 toppresterders van ses Delft-skole op kampus ontvang as deel van die instelling se studentewerwingsveldtog.

Die Sentrum vir Studentewerwing het aan die begin van die jaar 500 toevoerskole geïdentifiseer, en onderneem om hulle met inligting oor ons programaanbod en die aansoekproses te ondersteun. Daardie 500 skole het uiteindelik meer as **50% van volledige aansoeke** met die oog op die akademiese jaar 2020 opgelewer.

Die SSW het **saamgewerk** met ander US-omgewings – in die besonder die Departement Bosbou en Houtkunde en die Woorde Open Wêreld- (WOW-)program – asook met die Promaths-program in Philippi, om bewustheid van die US se aanbod onder senior leerders skep.

Meer as 70 graad 11-leerders het die **Natuurwetenskappe Winterweek** bygewoon. Hulle het geleentheid gekry om met akademiese personeel en beroepswetenskaplikes om te gaan en om meer oor die US in die algemeen te wete te kom.


Byna 100 Wes-Kaapse onderwysers het die **Waarderingsmiddagete vir Onderwysers** in Stellenbosch bygewoon. Die geleentheid is deur die varsproduktebemarkingsvereniging PMA Suidelike Afrika en die US se Fakulteit AgriWetenskappe aangebied, maar die SSW het dit bygewoon as deel van die Sentrum se strategie om betrekkinge met skoolonderwysers te bou.

Prof Jonathan Jansen, van die US Fakulteit Opvoedkunde, in samewerking met die Stigting vir Ommekeer in Skole, het ongeveer 50 graad 10-leerders van Zwelethemba Hoërskool in **Worcester** na die US uitgenooi. Die SSW en die Fakulteit het by daardie geleentheid inligting oor die US as studiebestemming verskaf.

Gemeenskapsradiostasies is ook gebruik om leerders en die publiek in die geheel te bereik.


1.16 Aansoeke vir inname 2020

Voorgraadse aansoeke vir die US se inname in 2020 het op 31 Junie gesluit. Hoewel die Toelatingskantoor nog dokumente nagaan en onvolledige aansoeke aanvul, het die aanvanklike tendense soos volg daar uitgesien toe hierdie verslag saamgestel is.



Figuur 9: Alle aansoeke en toelatings vir nuwelingaanzoekers teen die einde van Julie, 2018–2020.

Die aansoekerpoel het in die geheel met 16% toegeneem. Die getal volledige aansoeke (d.w.s. aansoekers vir wie alle vereiste dokumente ontvang is) het egter met 8% afgeneem.



Figuur 10: Aansoeke en toelatings vir nuwelingaanzoekers uit die bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiër- (BSIA-)groepe teen die einde van Julie, 2018–2020.

Die Afdeling Studentetoeegang se strategiese veldtog om die BSIA-aansoekerpoel uit te brei, blyk vrugte af te werp met 'n **toename van 27% in die aansoekerpoel**, 'n konsekwente aansoekvoltooiingskoers, en 'n toename van 17% in voorlopige aanbiedinge.

1.17 Fondswerwing aan die US

Die US het **meer inkomste uit skenkings en toekennings gewerf as enige ander instelling** wat in 2018 aan die jaarlikse opname oor hoëronderwysfilantropie (ASPIHE) deelgeneem het. Normstelling is baie belangrik, omdat dit instansies in staat stel om voortdurend hulle relevansie en prestasie vergeleke met ander in die sektor te bepaal, en hierdie opname toon dat die US op bedryfsvlak **op die voerpunt** van fondswerwing in Suid-Afrika is. Die binnelandse en buitelandse ekonomiese klimaat het fondswerwing swaar getref, maar ons het volhard met ons werksaamhede om inkomste aan te vul ondanks die uitdagendste eksterne omstandighede.

Volgens die jongste opnameresultate, wat in Julie 2019 vrygestel is, het die US in 2017 bykans R94 miljoen meer as in 2016 ingesamel – ongeveer R100 miljoen meer as die instelling in die tweede plek. Die Universiteit was ook die **toppresteerder** wat finansieringstrome vanuit individuele, erflating- en goedereskenkings betref, en het meer organisatoriese skenkers as enige ander deelnemende instelling aangetrek.

Die opname word jaarliks uitgevoer, en bied dus vergelykende data oor die norme vir filantropiese steun aan universiteite in Suid-Afrika. Elf van die 26 universiteite in die land het in 2018 aan die opname deelgeneem. Die hoofmerk is om die filantropiese en toekenningsinkomste van Suid-Afrikaanse universiteite op te teken en te ontleed. Die ASPIHE ondersoek die direkte koste wat dit vir die universiteite inhou om hierdie tipe inkomste te werf, onder meer die personeelkoste en bedryfsbesteding wat dit verg om die fondswerwings- en alumnibetrekkings-funksies te verrig. Finansiering deur sektorale onderwys- en opleidingsowerhede word afsonderlik aangeteken.

Hoewel die US se uitslag uitstekend is, is daar nietemin gebiede wat gefokusde aandag sal moet kry. Ons skenkergetalle het deur die bank effens toegeneem, maar die **alumnideelnamekoers** het van 0,42% tot 0,36% teruggesak. Die resultate toon ook 'n marginale verswakking in die Kantoor vir Ontwikkeling en Alumnibetrekkings se opbrengs op belegging gemeet in **koste aangegaan per rand** gewerf – van 5 sent in 2016 tot 6 sent in 2017. Nogtans plaas dit ons steeds gemaklik binne die parameters van beste praktyk, en is dit 'n uitstekende koste-tot-inkomste-verhouding vergeleke met die opnamegemiddeld van 18 sent bestee per rand gewerf.

1.18 Fakulteitsjaarboeke nou meer toeganklik

Om te sorg dat fakulteitsjaarboeke aan die Wet op Verbruikersbeskerming voldoen, is elkeen herskryf in **gebruikervriendelike** verstaanbare taal (sowel die Afrikaanse as Engelse weergawes, buiten Krygskunde, wat slegs in Engels verskyn).

Die doel van hierdie oefening was:

- om die inhoud beter op die teikenlesers af te stem;
- om die inhoud doeltreffender oor te dra;
- om minder tyd daaraan hoef te bestee om jaarboekinligting te verduidelik;
- om deur behoorlike dokumentontwerp inligting makliker toeganklik te maak; en
- om inhoud logies te rangskik, in volgorde van belang vir teikenlesers.

Die jaarboek van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe is die laaste wat as deel van hierdie reuseprojek herskryf word, en word nou afgehandel met die oog op publikasie in 2020. [Klik hier](#) vir al die fakulteitsjaarboeke.

1.19 Webtuiste vir intreelesings

Die webtuiste vir intreelesings (<http://blogs.sun.ac.za/inaugural-lectures/>) is bygewerk om met internasionale tendense en die US-handelsmerk te strook. Die **nuwe webtuiste** bied ook beter blootstelling aan diegene wat hulle bevordering tot of aanstelling as professore by die US vier.

Deur 'n elektroniese blad vir elke professor te skep, probeer die webtuiste boonop die US se koolstofvoetspoor verklein, en wegdoen met die papierpublikasie van intreelesings. Elke professor se blad bevat:

- 'n kort samevatting van die intreelesing;
- 'n kort biografie;
- ruimte om 'n video-opname van die lesing te plaas;
- 'n foto van die professor;
- besonderhede van die intreegeleentheid, waaronder 'n padkaart vir gaste se gerief;
- die naam van die afdeling/departement en fakulteit; en
- kontakbesonderhede van die geleentheidsorganiseerder.

Die webblaai word voor die intreegeleenthede opgestel sodat die bladsakel by gaste se uitnodigings sowel as ander bemerkingsmateriaal ingesluit kan word. Sien voorbeelde hieronder.

1.20 Transformasiewebtuiste

Die US se Transformasiekantoor het sy eie webtuiste geskep ([klik hier om dit te besoek](#)). Die webtuiste maak deel uit van die oorhoofse US-tuisblad en is 'n belangrike bron van inligting en hulpbronne oor transformasie. Dit bevat skakels na kerndokumente soos die US se Transformasieplan, sowel as noodsaaklike kampuskontakte soos die Eenheid vir Gelykwaardigheid. Ander strukture en onderwerpe wat op die webtuiste ter sprake kom, is die Institusionele Transformasiekomitee, visuele regstelling en die jaarlikse Transformasie-indaba.

1.21 Strategiese belyning van die US-handelsmerk

Sedert die vorige bestuursverslag is die **audit van US-handelsmerkopvatting**s afgehandel. Die Rektooraat het op 20 Augustus die uitslag en aanbevelings ontvang. Die audit, wat deel uitmaak van die oorhoofse handelsmerkwaardasieproses, is behartig deur Brand Finance, een van die wêreld se voorste onafhanklike konsultasiemaatskappye op dié gebied.

Volgens die auditbevindinge word die US as 'n sterk handelsmerk onder universiteite in Suid-Afrika beskou, dog nie die beste nie. Dit is deels omdat ons 'n gefragmenteerde "huis van handelsmerke" is wat uit ten minste **170 subhandelsmerke, visuele identiteite en logo's** bestaan wat in ons verskillende omgewings gebruik word. In talle gevalle is daar geen ooglopende verwantskap met die Universiteit nie. In die verwarring wat hieruit spruit, is ons as't ware ons eie mededinger, verswak ons ons eie handelsmerk, en doen ons afbreuk aan ons begrip van ons eie identiteit as instelling en ons strewe om 'n onberispelike reputasie te bou.

Vir hoëronderwysinstellings is strategiese handelsmerkposisionering noodsaaklik om jou missie te verwesenlik. Ons funksioneer in 'n hoogs mededingende omgewing en kom gelyktydig voor nasionale en wêrelduitdagings te staan. Hoe ons ons handelsmerk bestuur, bepaal of ons die **beste personele en studente** sal werf. Ons het 'n samehangende, konsekwente narratief nodig.

Daar is net een Universiteit Stellenbosch, so daar kan slegs een Universiteit Stellenbosch-handelsmerk wees. Daarom het die Rektooraat ná deeglike oorweging besluit dat die US van ons huidige, gefragmenteerde "huis van handelsmerke en logo's" sal oorbeweeg na 'n enkele, **monolitiese handelsmerkontwerp**. 'n Hersiening van ons visuele identiteit sal nou van stapel gestuur word. Intussen bly ons bestaande, Eeufeesverwante visuele identiteit in gebruik.

1.22 Tempering van reputasieskade

Lede van die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie het op 30 Julie die US se eerste meesterklas in **krisiskommunikasie en mediaopleiding** deur mnr Alan Arguile, 'n konsultant oor strategiese kommunikasie, bygewoon. Dit maak deel uit van toegespitste intervensies om reputasieskade ná die publikasie van die omstrede artikel oor ras en kognisie te bestuur en te temper.

Opleiding vir die Rektooraat is reeds geskeduleer, en daar word beplan om ook sessies vir senior bestuurders en denkleiers deur die hele Universiteit aan te bied. Dit sal US-leiers 'n geleentheid bied om hulle van die Institusionele Krisiskommunikasieplan te vergewis en die vaardighede aan te leer om doeltreffend met die media te skakel tydens 'n krisis.

Die US se reputasie was ook op 2 Augustus die kernfokus toe Arguile 'n **belanghebbendekarteringsessie** met lede van die US se Komitee vir Eksterne Verhoudings gehou het. Die hoofdoel was om spesifieke teikengehore se opvattinge en sentimente te bepaal, en hoe dit moontlik die reputasiebestuurstrategie ná die kontroversie oor die artikel kan beïnvloed.

1.23 Reputasiebestuursraamwerk

Dit is noodsaaklik dat die Universiteit oor 'n gestruktureerde raamwerk vir reputasiemonitering en -evaluering beskik. Dit behoort metodes in te sluit om **reputasierisikofaktore** te bepaal en te

bestuur, en doeltreffende risikobestuur te fasiliteer. So 'n raamwerk behoort verder te strek as standaardmediamonitoring, wat, hoewel belangrik, reaktief in plaas van proaktief is.

Korporatiewe Kommunikasie en sy mediamonitoringsvennoot, PEAR, het daarom die konseptualisering en ontwikkeling van 'n US-reputasiebestuursraamwerk aangevoer, wat met ons visie en strategiese raamwerk sal strook. Die eerste stap is om 'n konseptuele raamwerk op te stel, wat in Julie begin het met 'n omgewingstudie om die vernaamste reputasiekwessies in die hoër onderwys te identifiseer. Dít sal as grondslag dien vir die volgende stap, naamlik om US-spesifieke reputasiekwessies en -risiko's te omskryf.

1.24 Risikobestuur

Die US bou stadig maar seker sy risikobestuursfunksie uit om dit ten volle by bedryfsprosesse te **integreer**. Die risikoregister is die afgelope kwartaal deur risiko-eienaars bygewerk en aan die Oudit- en Risikokomitee voorgelê. Toekomstige verslae sal sowel risikosnelheid as risikotemperingsmaatreëls insluit.

Risikobestuur met betrekking tot die aanbidding van **geleenthede** het die afgelope maande 'n hupstoot gekry met die aanstelling van 'n geleentheidsrisikobestuurder, mnr Brandon Como, in pas met die bepaling van die Wet op Veiligheid by Sport- en Ontspanningsgeleenthede, wat in 2010 uitgevaardig is. Dít beteken die US is nou beter daartoe in staat om geleentheidseienaars by te staan en te ondersteun om geleenthede veilig en ooreenkomstig alle wetsvereistes te bestuur.

Die ontwikkeling van 'n **bedryfskontinuiteitsplan** ter aanvulling van die risikobestuursfunksie het die afgelope paar maande voortgeduur. 'n Omvattende databasis word tans ontwikkel om alle institusionele prosesse te lys. Die bedryfskontinuiteitsassessering vir elke aangewese proses het ook 'n aanvang geneem. Alle prosesse sal daarna 'n prioriteringsfase met verskeie stappe ondergaan, wat as grondslag sal dien vir bedryfstesting-en-kontinuiteitsbeplanning. Die prosesdatabasis sal jaarliks bygewerk en assesserings gereeld herhaal word.

1.25 Universiteitskapasiteitsontwikkelingsplan

Die US se Universiteitskapasiteitsontwikkelingsplan (UKOP) is in die tweede jaar van implementering. Dit word befonds deur 'n driejaartoewysing, beginnende 2018, van die DHOO. Die UKOP dra by tot die verwesenliking van die US se *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024*. Die Plan bestaan uit agt projekte wat daarop gemik is om **onderrig-, leer- en navorsingservarings** aan die US te verbeter deur **studentenasporing, aanlyn tutoropleiding, vroeë loopbaanontwikkeling en onderriggenootskappe**. Projekleiers dryf individuele projekte terwyl die Sentrum vir Onderrig en Leer (SOL) vir oorhoofse projekbestuur verantwoordelik is. Projekevaluering word in noue samewerking met die Sentrum vir Navorsing oor Wetenskap, Evaluasie en Tegnologie (SENWET) gefasiliteer.

1.26 Interne kommunikasie

Vier uitgawes van **info@StellenboschUni** en ses van **nuus@StellenboschUni** is gedurende die verslagtydperk volgens taalvoorkeur onder personeellede versprei. Die lees- en kliksyfers vir hierdie elektroniese personeelnuusbriewe het wéér bedryfstandaarde oorskry. Die twee nuusbriewe word nie gedurende die winterreses uitgegee nie, maar verspreiding het aan die begin van die tweede semester hervat.

Interne kommunikasiepraktisyns vind steeds baat by die leergeleenthede wat die **Kommunikasieforum (KF)** bied. Die tweede KF-geleentheid vir die jaar, op 7 Augustus, het gehandel oor die jongste tendense in die kommunikasieomgewing, met inbegrip van die media, openbare betrekkinge, sosiale media en handelsmerke.

E-posvoorkeuropname onder studente: Korporatiewe Kommunikasie het die Afdeling IT en die Registrateur met die e-posvoorkeuropname onder studente bygestaan. Die doel was om vas te stel

of studente verkies om hulle @sun- of persoonlike e-posadresse te gebruik (eersgenoemde het gewen!). Korporatiewe Kommunikasie het gehelp met die massaboodskap op 14 Mei, wat die skakel na die opname bevat het. Hulle het ook die opname help toets.

US-webtuiste: Korporatiewe Kommunikasie het die Afdeling Finansies 'n [SUNFin-webblad](#) help skep, waarop inligting oor die projek gevolglik gelaai is. 'n Massaboodskap om die US-gemeenskap hieroor in te lig, is ook op 27 Mei versprei.

Die landingsblad van die **SUNStudent**-projek is herontwerp om gebruikers maklike toegang tot volledige en akkurate inligting te bied. Die skakel na die [bygewerkte webblad](#) is wyd versprei deur middel van die US se sosialemediaplatforms en die tweeweeklikse e-nuusbrief vir studente.







Die volgende webtuistes en -blaaie is gedurende die verslagtydperk bygewerk: [Intreelesings](#); [Voedselsekerheid](#); en [Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenke](#).

1.27 Geïntegreerde kommunikasieveldtogte

Korporatiewe Kommunikasie het in Junie 'n geïntegreerde kommunikasieveldtog getiteld **#Youthactivism** bekend gestel om saam te val met Jeugmaand.

Die veldtog het bestaan uit 'n videoreeks van ses dele oor US-studenteleiers, wat oor hulle sienings van die jeug, jeugaktivisme en demokrasie gesels het. Die video's is op die US se [Facebook](#)- en [Twitter](#)-platforms geplaas en is goed ontvang, soos die volgende syfers toon:

- Facebook-reikwydte: 389 821
- Facebook-skakelings: 1 280
- Twitter-indrukke: 50 561
- Twitter-besigtigings: 1 938

Video	Titel (klik op skakel)	Video	Titel (klik op skakel)
	#Youthactivism – Make a change for the good		#Youthactivism – Get your voice heard
	#Youthactivism – Be involved and engaged in our democracy		#Youthactivism – Be an active citizen
	#Youthactivism – Be patriots of our country		#Youthactivism – “We must speak about things that people need to hear”


Tabel 3: Video's van US-studenteleiers wat Korporatiewe Kommunikasie vir Jeugmaand vervaardig het.

Sosiale media: Korporatiewe Kommunikasie se benadering tot sosiale media berus op die daadwerklike bevordering van gehoordeelname.

Die gewildste plasing op **Facebook** die afgelope tyd wat reikwydte en skakeling betref, was oor die nuwe graad BIng in Data-ingenieurswese, wat bykans 35 000 mense bereik en 2 500 skakelings tot gevolg gehad het.

Hierdie kwalifikasie sal gekoppel word aan die US Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenke, 'n baanbrekerinisiatief wat op 29 Julie bekend gestel is.


Figuur 11 (regs): Skermgreep van Facebook-plasing.



Die plasing op Twitter wat die beste gevaar het, was dié oor prof Thuli Madonsela se aanbieding by die jaarvergadering van die Akademiese Raad oor die Verenigde Nasies-stelsel op 19 Junie op Stellenbosch.

Die boodskap het 24 000 mense bereik en tot 1 000 skakelings gelei.

Figuur 12 (regs): Skermgreep van Twitter-plasing.



1.28 Eksterne kommunikasie (US in die nuus)

Algemene nuusdekking: Die US het in Junie die **meeste nuusbrokkies** in die mediamoniteringsagentskap PEAR se datastel gehad, nadat die instelling in Mei die vierde plek beklee het. In sowel Julie as Augustus was die US in die **tweede plek**, met die Universiteit van Kaapstad eerste.

Die volgende artikels en mediaverklarings van 'n institusionele aard het gedurende die **verslagtydperk (17 Mei tot 2 September 2019) positiewe mediadekking** ontvang:

- [Vrouewiskundiges van Afrika vergader in Stellenbosch \(eNCA, The Citizen, The Citizen Saturday\)](#)
- [US-aansoek sluit 30 Junie \(Cape Times, RSG\)](#)
- [Universiteit Stellenbosch begin met die opleiding van data-ingenieurs \(Engineering News, BizCommunity\)](#)
- [US enigste Afrika-lid van globale universiteitsalliansie oor klimaat \(Cape Times\)](#)
- [Trilaterale leerstoel aan US-navorsers toegeken \(Cape Argus, IOL\)](#)
- [Nominasies vir nuwe US-Kanselier open 14 Augustus \(Beeld; Die Burger; Eikestadnuus; Cape Times; Cape Argus; IOL; News24; 360News; HeartFM; Good Hope; CCFM\)](#)
- [US-landskap aan die verander met nuwe visuele simbole \(Die Burger; Die Burger; News24; South Africa News.Net; Johannesburg News.Net\)](#)
- [Sosiale geregtigheid onder die soeklig by prof Thuli se 1ste spitsberaad \(Cape Argus; The Witness; Cape Times; Pretoria News; The Citizen; City Press; News24; Citizen; Daily Maverick; SAfm\)](#)

Die bekendstelling van die US se nuwe [Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenke](#) het ook positiewe mediadekking ontvang: [The Newspaper](#), [Cape Talk](#), [Lotus FM](#), [SAFM](#), [Cape Talk](#), [South Africa News.Net](#), [Johannesburg News.Net](#), [De Kat](#), [Tech Financials](#), [My Broadband](#), [Mail & Guardian](#), [Cape Town Airport](#), [IT Web](#) en [Die Burger](#).

Negatiewe mediadekking in die verslagtydperk het hoofsaaklik verband gehou met 'n aantal betreurenswaardige voorvalle in studentegemeenskappe. Veral die Afrikaanse media het breedvoerig oor die voorvalle berig:

- Me Taylië Jaap: [Beeld](#), [Beeld](#), [Die Burger](#), [Die Burger](#), [Die Burger](#), [Die Burger](#), [Die Burger](#), [Die Burger](#), [Die Burger](#), [Huisgenoot](#), [Huisgenoot](#), [SonWes](#), [SwartLandGazette](#), [Tygerburger Parow](#), [Volksblad](#), [Weslander](#), [Daily Sun](#), [IOL](#), [www.sabreakingnews.co.za](#), [You](#)
- Mnr Leandró Hopley: [Beeld Saterdag](#), [Beeld Saterdag](#), [Beeld](#), [Beeld](#), [Die Burger](#), [Die Burger](#), [Die Burger](#), [Die Burger](#), [Eikestadnuus](#), [HeartFM](#), [HeartFM](#), [Paarl Post](#), [Rapport](#), [SmileFM](#), [SonWes](#), [Weslander](#), [Witness](#), [Witness](#), [360News](#), [ENCA](#), [News24](#), [News24](#), [News24](#)
- Mnr Anzel Slimmers: [Die Burger](#), [Volksblad](#), [Rapport](#), [SonWes](#), [News24](#)
- Mnr Eric Matthys: [Die Burger](#)
- Gekombineerde verslaggewing: [Jacaranda FM](#), [Die Burger](#)

Natuurlik was daar ook heelwat in die media oor die brand wat in Huis ten Bosch uitgebreek het (sien [Herstelwerk aan Huis ten Bosch begin eersdaags](#); [Huis ten Bosch-brand: Dak en agt kamers beskadig](#)) ([Sowetan](#); [Cape Times](#); [Die Burger](#) [berig 1](#) en [berig 2](#); [News24](#) [berig 1](#), [berig 2](#), [berig 3](#) en [berig 4](#); [Jacaranda FM](#) [berig 1](#) en [berig 2](#); [IOL](#) [berig 1](#), [berig 2](#) en [berig 3](#); [The Citizen](#) [berig 1](#) en [berig 2](#); [SonWes](#); [Cape Argus](#); [Heart FM](#); [RSG](#); [Bush Radio](#); [Y-FM](#); [CCFM](#); [5-FM](#); [Phalaphala FM](#); [SAfm](#); [Metro FM](#); [Ukhozi FM](#); [Cape Talk](#); [702](#); [Algoa FM](#); [Cape Town etc](#); [The South African](#); [Safrica24](#) [berig 1](#) en [berig 2](#); [All4Women](#); [EWN](#); [Times Live](#); [The Herald](#); [The World News](#); [SABC News](#); [360News](#)).

Nuusdekking oor navorsing en innovasie: PEAR se datastel toon dat die US se hoeveelheid mediaverslaggewing oor navorsing en innovasie bestendig toegeneem het. Die Universiteit het in Mei die tweede meeste navorsings- en innovasiedekking ontvang. In Junie het ons egter tot in die **eerste plek** gestyg, met die universiteite van Kaapstad en Pretoria onderskeidelik in die tweede en derde plek. Die US het in Julie die tweede meeste nuusbrokkies in hierdie bepaalde kategorie behaal, maar in **Augustus** weer die **eerste plek** ingeneem. Navorsingsartikels wat goed gevaar het in die media sluit die volgende in:

- [Byprodukte van sitrus en druiwe help dalk om voedsel te bewaar](#) ([Cape Times](#), [Cape Argus](#))
- [Beroertepasiënte kan baat by goedkoop, eenvoudige oefenprogram](#) ([Cape Times](#), [The South African](#), [Bolander](#))
- [US se Hans Merensky EucXylo-navorsingsleerstoel sal fokus op hoe bloekombome groei](#) ([Cape Times](#))
- [Navorsers bekyk die bosluise en vlooië wat Afrika-pikkewyne pla](#) ([Cape Times](#), [IOL](#), [Die Burger](#))
- [Navorsers besig met genetiese katalogus van insekte op SA olyfbome](#) ([Volksblad](#), [Die Burger](#))
- [Spelers kom weg met onwettige, gevaarlike spel by losskrums](#) ([IOL](#), [Smile FM](#), [Eikestadnuus](#))
- [Gebruik van spelontwerpelemente kan studentebetrokkenheid, studentesukses verbeter](#) ([Cape Argus](#), [Daily News](#))
- [US-navorsers bestudeer weerstandigheid om TB-middel te 'beskerm'](#) ([Mercury](#), [Cape Times](#))
- [Oes van boombas het negatiewe impak op voëls in Oos-Kaapse woude](#) ([Daily Dispatch](#), [Bolander](#))
- [Innoverende tegnologie kan help in stryd teen renosterstropery](#) ([Die Burger](#), [Cape Times](#), [The Star](#), [Cape Argus](#), [Daily News](#), [SA Country Life](#), [IOL](#), [SAfrica24](#))
- [SA se nederige suring: heldin van die Kaapse Blommeryk](#) ([Cape Times](#), [Cape Argus](#), [RSG](#))
- [Taksman kan korporatiewe sluiër deurdring om belastingontduikers vas te vat](#) ([Cape Argus](#), [Eikestadnuus](#), [Beeld](#), [Die Burger](#), [RSG](#), [Fin24](#), [South Africa News.Net](#), [Johannesburg News.Net](#), [De Rebus](#))
- [Making waves in the Southern Ocean](#) ([Eikestadnuus](#), [Daily Dispatch](#), [Die Burger](#), [Cape Times](#), [Cape Argus](#), [Republikein](#), [The Village News Hermanus](#), [The Newspaper](#), [The Daily Maverick](#), [Engineering News](#), [Smile FM](#), [SABC News](#), [IOL](#))


'n Verklaring deur die Bestuurskool, "They walk among us – the dangers of the office psychopath", is besonder goed in die media ontvang. Onder die vele publikasies en nuusverspreiders wat daarvoor berig het, was die [Cape Argus](#), [Star](#), [IOL](#), [Cape Times](#), [eNews](#) en [Mail & Guardian](#).

Hoofartikels, meningsartikels en rubrieke: US-personelede en -studente het gedurende die verslagtydperk weer 'n groot aantal items in hierdie kategorie opgelewer (sien BYLAAG). Agtien daarvan (deur 19 outeurs) is aanvanklik op The Conversation geplaas, waar dit altesaam 448 321 keer gelees is.

US-kenners: Korporatiewe Kommunikasie se mediakantoor het die media van kennerslyste met die oog op die algemene verkiesing, die Junie-staatsrede, Wêreldomgewingsdag, Mandeladag en Vrouedag voorsien.

1.29 Kapitaalprojekte

Fasiliteitsbestuur het tans 147 kapitaalprojekte aan die gang met 'n algehele waarde van R2,2 miljard.



Figuur 13: Huidige bouprojekte op drie US-kampusse, en die onderskeie randwaardes.

Die Beplanningsdepartement ondersoek ook 142 "adviesversoeke". Dit is versoeke van fakulteite en PASD-omgewings vir 'n aanvanklike ondersoek na moontlike projekte.

1.29.1 Biomediese Navorsingsinstituut

Die eerste fase van die Biomediese Navorsingsinstituut (BMNI), wat uit aanbouings by die bestaande Fisan-gebou bestaan, is **op koers** om teen **Augustus 2020** voltooi te wees.

Alle massauitgrawings, heiwerk en konstruksie van slagmusse vir die nuwe gebou is klaar, en so ook die kelderpilare en beddinglae vir die noordelike gedeelte van die nuwe gebou. Konstruksie van die nuwe geboukolom en hangblad het tot op vlak 1 gevorder, en die middelste gedeelte van die nuwe gebou tot op vlak 2.



Figuur 14: Bouwerk aan die nuwe Biomediese Navorsingsinstituut op Tygerbergkampus vorder goed. Hierdie foto is op 20 Junie 2019 geneem.

1.29.2 Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese-gebou

Die vernuwing en opknapping van die Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese-gebou van die Fakulteit Ingenieurswese is op koers. Die aangestelde hoofkontraakteur, GVK-Siya Zama, het teen die einde van November 2018 met bouwerk begin. Noudat sloping klaar is, vorder interne montering goed. Die installasie van vormwerk vir die betonsuperstruktuur van die nuwe ingangsportaal en diensteskgag is ook op dreef. Die nuwe FIRGA en elektroniese klaskamers sal die Fakulteit Ingenieurswese toekomstige groeipotensiaal bied.

1.29.3 Plaveisellaboratorium, Siviele Ingenieurswese

Wanneer dit voltooi is, sal Siviele Ingenieurswese se nuwe Plaveisellaboratorium as 'n katalisator vir bykomende lesingruimte en groeipotensiaal in die Fakulteit Ingenieurswese dien.

Die hoofkontraakteur, GVK-Siya Zama, het teen die einde van November 2018 op die perseel begin werk. Die betonwerk vir die superstruktuur word tans geïnstalleer en die dakstruktuur en staalwerk volg binnekort. Die kontraakteur mik steeds na 'n **beraamde okkupasiedatum van Februarie 2020**.

1.29.4 Masjienlaboratorium en binnehof van Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese

Fase 1 van die binnehof en masjienlaboratorium vir die Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese het in Mei 2019 begin. Die projek bestaan uit twee afsonderlike fases en sal na verwagting teen **Maart 2020** voltooi wees. Wanneer dit voltooi is, sal die binnehof as 'n oorspoelruimte dien vir tutoriale terwyl die nuwe masjienlaboratorium gebou word. Fase 2 sal grootskaalse opknappings aan die bestaande masjienlaboratorium behels.

1.29.5 Jan Mouton-leersentrum

In September 2017 het die US Raad die bou van die nuwe Jan Mouton-leersentrum, met 'n projekwaarde van R256 miljoen, goedgekeur. Bouwerk het op 1 November van daardie jaar begin, met 20 Januarie 2020 as die verwagte okkupasiedatum. Die hoofkontraakteur, Group Five Construction, het ons op 12 Maart 2019 in kennis gestel dat hulle onder besigheidsredding geplaas is. Gelukkig het die besigheidsreddingspraktisyn die projek beveilig, wat Groep Five Construction sal toelaat om dit af te handel. Hierdie ommuurde projek word deur Lombard Insurance, die projekpandhouer, gefinansier. Kontraktueel moet die hoofkontraakteur die oprig van die gebou teen 7 Oktober 2019 afhandel, maar dit is nie meer haalbaar nie en die afhandelingsdatum vir hierdie projekaspek is nou **uitgestel** na 13 Desember. Die installering van fasiliteite sal in die nuwe jaar volg. Okkupasie word nou vir **Julie 2020** beplan – **aan die begin van die tweede semester**.



Figuur 15: Lugfoto van vordering aan die nuwe Jan Mouton-leersentrum langs die Neelsie.

1.30 US Woordfees

Die program vir die **21^{ste} US Woordfees**, wat van **6 tot 15 Maart 2020** plaasvind, word in November 2019 bekend gestel. Die tema vir die fees, waarvoor Toyota as hoofborg sal optree, is “Aanhou beweeg en geraas maak” – die bekende woorde uit skrywer Jan Rabie se ikoniese kortverhaal “Ek het jou gemaak” uit sy bundel *21*. ’n Rekordgetal aansoeke om deelname aan aanstaande jaar se fees is ontvang. Veral aansoeke van die res van Afrika en Europa het gestyg.

Die verslagtydperk was ’n bedrywige tyd vir **Woorde Open Wêreld (WOW)**, ’n bemagtigingsprojek van die US Woordfees. ’n Spesiale toekenningsgeleentheid ter ere van vrywilligers en ambassadeurs wat vir en saam met WOW werk, is op 20 Junie aangebied. Daarbenewens het 20 leerders van die Karoodistrik, vyf van Tulbagh, 15 van die suidelike metro en 30 van Stellenbosch self ’n week lange winterskool op Stellenbosch bygewoon. WOW het sedert 2003 reeds meer as ’n miljoen lewens op skoolvlak geraak en menige leerder universiteitstudie help betree.

Die jaarlikse Sanlam **WOW Spelfees** is goed op dreef, met meer as 700 skole van ál nege provinsies wat deelneem. Hierdie inisiatief word ondersteun deur die onderwysdepartemente van die Wes-, Noord- en Oos-Kaap. Leerders in die Wes-Kaap ding mee in Afrikaans vir graad 1-10, Engels Eerste Addisionele Taal vir graad 5-9, en Xhosa vir graad 6-9. Die nasionale eindronde vind op 19 Oktober op Stellenbosch plaas. Die wedstryd bied jong leerders vroeë blootstelling aan die US en die geleentheid wat met tersiêre studie gepaardgaan.

Die **US Koor**, wat nou amptelik onder die sambreel van die US Woordfees val, sal in September ’n kort nasionale toer onderneem, met optredes in Potchefstroom, Sasolburg, Pretoria en Soweto.

1.31 US Museum

Woensdagkunsrondeleidings by die US Museum dien as ’n vertoonvenster vir die Universiteit se **kunsversameling**, wat oor meer as 100 jaar opgebou is. Vir dié projek stel die Museum elke eerste Woensdag van die maand werke uit die US se permanente kunsversameling gratis ten toon aan die publiek. Twee sulke rondleidings het in die verslagtydperk plaasgevind, en het werke deur kunstenaars soos Irma Stern en Solomon Caesar Malan ingesluit.

In ’n ander inisiatief reël prof Matilda Burden, ’n kultuurhistorikus by die Museum, maandelikse rondleidings deur die eeufeesuitstalling **100 artefakte vir 100 jaar**. Lede van die Universiteitsgemeenskap word aangemoedig om hierdie etensuursessies by te woon. Die volgende rondleidings vind op 17 Oktober en 7 November plaas.

1.32 Kampussekuriteit

Die **misdaadsyfer** by die US was die afgelope jaar **laer as in vorige jare**. Hierdie tendens het gedurende die verslagtydperk voortgeduur en die misdaadsyfer was oor die algemeen stabiel op ’n betreklik lae vlak. Kampussekuriteit het nogtans bestaande voorkomingsmaatreëls gehandhaaf, wat wissel van ’n bewusmakingsveldtog tot patrollies, en gaan voort om tegnologie te gebruik om dié maatreëls so doeltreffend moontlik te maak.

1.33 Hou die US gesond

Tydens die verslagdoeningsperiode het personeel verbonde aan Kampusgesondheidsdienste (KGD) aktief deelgeneem aan die werk van verskillende **institusionele taakspanne** oor sulke kwessies soos middele misbruik, voedselsekerheid en geestesgesondheid.

Daarbenewens het KGD **nood- mediese bystand** by vier institusionele geleentheid gebied om die Universiteit te help om te voldoen aan nuwe statutêre vereistes vir groot byeenkomste met meer as 1 000 toeskouers.

1.34 Maties blink uit in winterspele

Die winterspele van **Universiteitsport Suid-Afrika (USSA)** is 'n hoogtepunt op die jaarlikse sportkalender. Maties-atlete het vanjaar alles in die stryd gewerp, en van ons spanne het tot naelbyt-eindrondes deurgedring. Op tuisbodem was Maties Sport-personeel gedurende die wintervakansie gasheer vir nagenoeg 2 000 besoekende studente-atlete wat aan USSA-kragmetings vir fietsry, rugby en hokkie deelgeneem het.

TEMA 2 : 'n TRANSFORMERENDE STUDENTE-ERVARING

Ons [*Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024*](#) lui soos volg oor 'n **transformerende studente-ervaring**: “Met hierdie voorneme wil ons toesien dat die US toeganklik is vir kwalifiserende studente uit alle agtergronde, met inbegrip van studente wat hindernisse vir deelname aan universiteitsonderwys ervaar. Ons beskou dit as 'n reis – van ons eerste kontak met voornemende studente totdat hulle afstudeer en die rol van alumni vervul.” Dit behels ook “die voorsiening van groeigeleenthede aan alle voor- en nagraadse studente, wat insluit leiding, steun en dienste deur die US om studentesukses te verseker”.

2.1 Hofsaak oor Taalbeleid

In die hofgeding teen die US se Taalbeleid wat deur Gelyke Kanse en andere aanhangig gemaak is, is die aansoek om verlot tot appèl na die Konstitusionele Hof (nadat die Wes-Kaapse hooggeregshof vroeër ten gunste van die US beslis het) op 8 Augustus aangehoor. Uitspraak word afgewag.

2.2 Voorvalle in studentegemeenskappe

In die inleiding tot hierdie verslag word genoem dat die US gedurende die afgelope twee maande 'n aantal betreuenswaardige voorvalle in studentegemeenskappe beleef het. Hoewel die voorvalle nie met mekaar verband hou nie, beskou die Universiteit elkeen as **sorgwekkend**.

In die mees onlangse voorval het **mnr Anzel Slimmers** (20) vermoedelik vanuit 'n badkamervenster op die derde verdieping van Huis Marais geval. Hy is nie 'n US-student nie, maar het glo by 'n vriend kom kuier. Die omstandighede wat tot die voorval gelei het, is nog onduidelik, en Kampussekuriteit is besig om meer inligting in te samel. Ongelukkig is Mnr Slimmers ernstig beseer in die voorval.

In 'n vroeëre hartseer voorval is **mnr Leandro Hopley**, 'n BCom-student in sy eerste jaar en inwoner van Huis Visser, oorlede nadat daar besluit is om sy lewensondersteuning te staak. Hy is in die hospitaal opgeneem nadat hy vermoedelik geaspireer het. Die spesifieke omstandighede wat tot sy dood gelei het, is ook nog nie duidelik nie. 'n Gedenkdienst mnr Hopley is in die Kruiskerk op Stellenbosch gehou.

Mnr Eric Matthys, 'n werknemer van die Tsebo-maatskappy, is gedurende die wintervakansie tragies oorlede nadat hy ernstig beseer is toe hy by 'n stel trappe in Dagbreek afgeval het. Nadat klasse vir die tweede semester weer begin het, het Dagbreek by 'n huisvergadering besluit om die koshuis se jaarlikse personeeldag vir dienswerkers na mnr Matthys te vernoem as 'n eerbetuiging.

In Junie het **me Taylië Jaap**, 'n BSc-student in haar eerste jaar, vanaf Serruria se tweede verdieping geval. Me Jaap se beserings was van so 'n aard dat 'n geregtelike ondersoek gevolg het, en Kampussekuriteit het die inligting by die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) aangemeld.

Ongelukkig het die aard van hierdie voorvalle allerlei bespiegelings, gerugte en vrae laat ontstaan. Interne prosesse is geloods, en Kampussekuriteit werk saam met die SAPD.


Ons het alle personelede en studente wat gedurende en ná hierdie voorvalle van hulp was, bedank. Hulle is ook aangemoedig om met Menslike Hulpbronne se Welweeskantoor of die Sentrum vir Studenteberading en -ontwikkeling in verbinding te tree vir ondersteuning.

2.3 Studentefinansiering

2.3.1 Impak van die nuwe DHOO-beursskema (NSFAS-finansiering)

Die nuwe beursskema van die DHOO gee uitvoering aan die regering se visie om te sorg dat alle akademies verdienstelike studente uit arm en werkersklasomgewings wat tot studie aan openbare universiteite toegelaat word finansiële bystand met hulle voorgraadse studieprogramme ontvang, tesame met die nodige ondersteuning om sukses te behaal. Die US probeer die nuwe beursskema sowel as die ISFAP-beursskema vir die ontbrekende middel so goed moontlik benut om te vergoed vir die afname in beskikbare institusionele geld vir beurse en lenings.

Die volgende grafiek toon die geleidelike afname in institusionele besteding aan beurse en lenings, en die gepaardgaande toename in eksterne finansiering wat vir dié doel gebruik word. Institusionele beurs- en leningsbesteding het van 2010 tot 2018 van R129,3 miljoen tot R111,2 miljoen afgeneem, terwyl **eksterne beurse en lenings** van R315,3 miljoen tot R461,2 miljoen **gestyg** het. Opbrengste op historiese erflatings en skenkings vir dié doel het van R7,7 miljoen tot R7,8 miljoen toegeneem.



Figuur 16: Samevatting en vergelyking van institusionele finansiering, erflatings en skenkings, en eksterne finansiering wat aan voorgraadse beurse en lenings bestee is, 2010-2018.


Beursbestemde erflatings en skenkings aan die US word in die Universiteit se sentrale beleggingspoel belê en bestuur, en 20% van alle renteopbrengste word gekapitaliseer om te sorg dat die onderskeie skenkings doeltreffend groei en met verhogings in studiegeld tred hou. Die US ontvang ook elke jaar geld van filantropiese skenkers en trusts. Omdat hierdie skenkings op 'n jaar-tot-jaargrondslag geskied, word dit as "ekstern" geklassifiseer. Die US se getal DHOO-gefinansierde studente uit huishoudings met 'n gesamentlike bruto inkomste van minder as R350 000 per jaar het aansienlik toegeneem. Daar is steeds 'n aantal uitstaande betalings en ander kwessies wat uitgestryk moet word, waaronder die:

- inwerkingstelling van 'n proses vir aanvullende finansiering ("top-up");
- afhandeling van historiese skuldbetalings;
- afhandeling van die appèlproses; en
- onopgeloste administratiewe kwessies met betrekking tot stelselfoute.

2.3.2 Fondswerwing vir beurse


Die US se Afdeling vir Ontwikkeling en Alumnibetrekkings (OAB) het indrukwekkende bydraes ingesamel. Fondse wat vir voor-en nagraadse beurse gewerf is, het vanaf R58,8 miljoen in 2015 gestyg tot R107 miljoen in 2018 – 'n **toename van 82%** oor die afgelope vier en 'n half jaar. Die skenkings wat hier ter sprake is, is skenkings vir jaarlikse beursuitbetalings sowel as kapitaalskenkings. In laasgenoemde geval word die aanvanklike skenking in die Universiteit se

interne beleggingspoel belê en die opbrengs gebruik om beurse hetsy met rente of inkrementele kapitaaluitkering oor 'n vasgestelde tydperk te finansier.



Figuur 17: Beursfondse deur OAB gewerf, 2015–2019.

Die OAB se eenheid vir fondswerwing doen sedert 2017 aktief werwing vir verdere beursinkomste by wyse van bydraes deur maatskappye wat **breëbasis-swart ekonomiese bemagtiging** (BBSEB) wil bevorder. Soos die staafgrafiek hier onder aandui, is daar byna R5 miljoen BBSEB-ervante inkomste in die eerste ses maande van 2019 ontvang – 'n toename van meer as 200% teenoor 2017.



Figuur 18: Beursinkomste vir BBSEB-doeleindes deur OAB gewerf, 2017–2019.

2.3.3 Nasionale Finansiëlehulpkema vir Studente (NSFAS)

Vereffening van historiese skuld: Soos genoem in die vorige bestuursverslag, het die DHOO in Maart 'n bykomende R967 miljoen aan NSFAS toegeken om 52 514 NSFAS-studente se historiese universiteitskuld landwyd te vereffen. Historiese skuld is geld verskuldig aan 'n universiteit deur NSFAS-kwalifiserende senior studente wat voortstudeer, en wat in die akademiese jaar 2018 geregistreer en op grond van die vorige huishoudelike inkomstedrempel van R122 000 per jaar gefinansier is.


Die US het die DHOO gedurende Mei voorsien van 'n lys NSFAS-kwalifiserende studente vir die akademiese jare 2018 en 2019 met historiese skuld ten opsigte van klasgeld, universiteitsbestuurde huisvesting en NSFAS-goedgekeurde toelaes. Ons het tot op hede nog geen betalings ontvang nie.

NSFAS-finansieringsappelle: die NSFAS-appelproses is al menige keer ernstig vertraag. Dit laat duisende studente by alle instellings sonder finansiering terwyl hulle op die uitslag van hulle geregistreerde appelle wag. NSFAS het onlangs bevestig dat die appelproses nou voorrang sal geniet om alle uitstaande finansieringsbesluite af te handel.


Onopgeloste administratiewe kwessies: NSFAS werk ten nouste saam met instellings om uitstaande finansieringsbesluite en verbandhoudende datakwessies ten opsigte van 2018 en 2019 te hanteer. Hierdie kwessies raak 'n beduidende aantal studente. Die Sentrum vir Voorgraadse Beurse en

Lenings het 'n voltydse NSFAS-koördineerder aangestel om uitsluitlik op onopgeloste administratiewe kwessies te konsentreer, waarvan die meeste op 'n gevallegrondslag hanteer moet word en hoë eise stel wat databestuur en administratiewe opvolgwerk betref.

NSFAS-kontantvloei: Die grafieke hieronder toon hoe die US se volgehoue, nougesette bestuur van NSFAS-finansiering tot flinker betalings ten opsigte van gefinansierde studente aanleiding gee. Om daarmee vol te hou verg egter die nodige reaktiewe stelsels en menslike steun. Let daarop dat die Universiteit teen die einde van Junie 2019 bykans R170 miljoen ontvang het vergeleke met slegs R54 miljoen teen die einde van Junie 2018. Boonop het die US teen die einde van Junie vanjaar 49% van die verwagte beurskontrakwaardes ontvang, terwyl daardie persentasie verlede jaar eers teen die einde van Oktober bereik is.



Figuur 19: Bedrag geld ontvang van NSFAS die afgelope drie jaar.



Figuur 20: Persentasie van beurskontrakwaarde ontvang van NSFAS die afgelope drie jaar.

Akademiese vorderingsraamwerk: Die akademiese vereiste vir die voortsetting van NSFAS-finansiering is dat studente ten minste **50%** van hulle modules in die vorige akademiese jaar moet slaag. Terugkerende studente wat volgens die kriteria van voor 2018 gefinansier word, kan vir hoogstens $n + 2$ jaar finansiering ontvang (" n " is die minimum programduur). Finansiering vir nuwelingsstudente van 2018 en 2019 mag egter nie 'n tydperk van $n + 1$ jaar oorskry nie. Instellings moet sorg dat NSFAS-gefinansierde studente op koers is om hulle studie binne hierdie twee stelle parameters te voltooi (d.w.s. $n + 2$ en $n + 1$ onderskeidelik). Ons moet in die loop van 2019 uitvoerige akademiese vorderingskriteria vir bepaalde programme by NSFAS indien sodat nuwe kriteria vir 2020 ontwikkel en in werking gestel kan word.

Dienswerkverpligtinge: Ontvangers van die nuwe DHOO-beurs in hulle tweede studiejaar moet vanaf 2019 ten minste 80 uur dienswerk per jaar verrig. Die DHOO en instellings moet nog oor 'n duidelike beleid en vereistes in dié verband ooreenkom.

Foioaanpassingstoelaag: Die DHOO het teen die einde van 2018 aangekondig dat die foioaanpassingstoelaag vir die sogenaamde ontbrekende middel uitgefaseer sal word, en dat daar geen nuwe aansoekinnames vir 2019 sal wees nie. Nóg tans sal studente wat voortstudeer en die foioaanpassingstoelaag in 2017 en 2018 ontvang het, dit steeds ontvang totdat hulle gradueer. Instellings sal hulle toekenning vir die foioaanpassingstoelaag as deel van hulle institusionele subsidie van die DHOO ontvang.

2.3.4 Ikusasa-finansiële hulpprogram

Volkostebeurse van die Ikusasa-finansiële hulpprogram vir Studente (ISFAP) finansier vanjaar **160 US-studente**, en ons het ons tweede toekenning in dié verband ontvang. Die

begunstigdes bestaan uit 'n groep eerste- en tweedejaars uit die arm tot ontbrekende middel inkomstekategorie in aangewese studieprogramme (waaronder MBChB, BRek en Ingenieurswese). ISFAP-finansiering vir US-studente in 2019 kom op R21 miljoen te staan.

ISFAP het onlangs ook bykomende finansiering van FASSET (die sektorale onderwys- en opleidingsowerheid vir die finansiële en rekeningkundige dienstesektor) ontvang om studente in hulle laaste twee studiejare in finansiesverwante kursusse by te staan. Die klem val veral op die bevordering van skaars vaardighede. Gevolglik het nege US-finalejaarstudente 'n volkostebeursaanbod ontvang. Hulle is ingeskryf vir die programme BRek, BRek LLB, BCom (Bestuurswetenskappe), BCom (Ekonomiese Wetenskappe), BCom (Wiskundige Wetenskappe) en BCom (met hoofvakke soos Beleggingsbestuur en Finansiële Bestuur).

2.4 Studenteterugvoer

Die implementering en ontwikkeling van die **nuwe, elektroniese studenteterugvoerstelsel** gaan steeds voort ter voorbereiding daarop om die ongeoutomatiseerde, papiergebaseerde stelsel in 2020 uit te faseer. 'n Taakspan is saamgeroep om program- en dosenteterugvoervorms te hersien. Daar word voorsien dat die terugvoerkoers oor die nuwe, aanlyn terugvoerstelsel reëlmatig gedurende 2019 sal styg namate studente meer geleentheid kry om vraelyste in te vul via die mobiele sagteware wat daarvoor ontwerp is.

2.5 Tutors

Die Afdeling Leer- en Onderrigverryking doen verslag dat 'n **hersiening** van tutorpraktyke sowel as die ontwikkeling van aanlyn **tutoropleidingsmateriaal** van stapel gestuur is. Die projek beoog om studente se leerervaring en tutors se ervaring van leerfasilitering te verbeter. Daarbenewens ontwikkel 'n **taakgroep** tans riglyne vir tutorpraktyke by die US.

2.6 Nuwe ResED-koördineerders en koshuishoofde

Die Afdeling Studentesake se Sentrum vir Studentegemeenskappe (SSG) het onlangs vier nuwe ResEd-koördineerders ("*residential education*", die mentorprogram in koshuise) en koshuishoofde verwelkom:

- **Me Lisinda de Jager**, wat in die SSG se PSO-kantoor gewerk het, is in die pos van ResEd-koördineerder vir die Rubix-kluster en inwonende hoof van Heemstede-koshuis aangestel.
- **Mnr Njabulo Maphumulo**, 'n splinternuwe US-personeellid, is ResEd-koördineerder vir die TygerMaties-kluster en inwonende hoof van Hippokrates-koshuis.
- **Me Monica du Toit**, uit die Afdeling Menslike Hulpbronne, is die nuwe ResEd-koördineerder vir die Victoria-kluster en inwonende hoof van die koshuise Monica en Harmonie.
- **Mnr Enos Lekala**, wat voorheen as programkoördineerder aan die US Skool vir Publieke Leierskap verbonde was, is aangestel as koördineerder vir die LLL-gemeenskap (Luister, Leef en Leer) en inwonende hoof van Huis Russel Botman, wat albei leefruimtes vir senior studente is.

2.7 Naaf vir vrywilligerdiens

'n Nuwe inisiatief van Maties Gemeenskapsdiens om 'n opleiding-en-plasingsnaaf vir studentevrywilligers te ontwikkel is op die kortlys vir die internasionale MacJannet-prys, 'n internasionale wedstryd wat uitsonderlike studentegemeenskapskaking en -diens erken.

Die te stigte **Sosiale Impak-naaf** sal die huidige geleentheid vir studente- én personeelvrywilligerdiens uitbrei, en sal regstreeks met 'n aantal vennote in en om Stellenbosch saamwerk. Dit sal 1 500 studente uit ál die US se fakulteite van relevante geleentheid vir werkverwante leer en 'n positiewe sosiale impak voorsien. Die inisiatief beoog om die US se

graduandi-eienskappe by ons studente in te skerp, veral deur hulle as betrokke burgers en afgeronde individue toe te rus.

Die wederkerige aard van vrywilligerwerk baat sowel studente as gemeenskappe. Gemeenskapsbetrokkenheid bied studente die geleentheid om die akademiese kurrikulum in die praktyk toe te pas, terwyl die gemeenskap voordeel trek uit die dienste wat die studente lewer.

’n Nuwe vereiste deur die Nasionale Finansiëlehulpskema vir Studente (NSFAS) is dat studente wat deur hulle gefinansier word, 80 uur se aktiewe gemeenskapswerk per jaar verrig. Hulle sal dus vir tot drie jaar in die vrywilligersprogram aanbly.

2.8 Studenteleierskapsontwikkeling

Die Akademiese Belangeraad (ABR) het op 13 April op die Stellenbosch-kampus ’n opleidingsessie vir **klasvertegenwoordigers** gehou. Die inisiatief, aangebied deur Studentebestuur, is goed ontvang, met goeie insette en terugvoer van die deelnemers se kant af. Dit behoort tot studentesukses by te dra.

Op 23 April het Studentebestuur opleiding aan lede gegee wat in strukture werk wat onder die **Studenteparlement** en die **Studentehof** val. Die opleiding het, onder andere, die volgende gedek:

- verantwoordbaarheid en deursigtigheid;
- samewerkende bestuur en beheer;
- die grondwetlike raamwerk vir studente;
- konstruktiewe betrokkenheid; en
- leierskap en verteenwoordiging.

Op 29 Mei het **studenteleiers** ’n ontbytwerksessie bygewoon wat deur die Sentrum vir Grondwetlike Regte in Kaapstad gehou is. Die paneellede het oor van die uitdagings gepraat waarmee die Suid-Afrikaanse staat tans worstel. Ons studente het die geleentheid gehad om gedagtes uit te ruil met Regter Ian Farlam, voorsittende beampte van die Marikana Kommissie van Onderzoek.

2.9 Globale Spitsberaad vir Studenteleiers

Die Afdeling Studentsake het, in samewerking met die Internasionale Vereniging vir Studentesake en -dienste, die Globale Spitsberaad vir Studenteleiers aangebied. Dit het van 23 tot 27 Junie geduur en **55 studente uit 16 lande** het deelgeneem. Die hooftema was geestesgesondheid in hoër onderwys.

2.10 Vaardigheidsopleiding vir studente

Die US se Eenheid vir Akademiese Voorligting en Ontwikkeling het in die verslagdoeningstydperk ’n aantal opleidingsessies oor **studievaardighede, stresbestuur, tydsbestuur en eksamenvoorbereiding** aan geregistreerde studente aangebied. In totaal het 387 studente aan hierdie werksessies deelgeneem.

’n Nuwe kortkursus, die **Universele Vaardigheidsprogram (UVP)** is vir die tweede semester geregistreer. Dit fokus op holistiese ontwikkeling en rus studente toe vir ’n wêreld vol veranderlikheid, onsekerheid, kompleksiteit en dubbelsinnigheid. Dit is met die US se nuwe Strategiese Raamwerk belyn. Die UVP sal studente se persoonlike en intellektuele ontwikkeling koester, sowel as hul vermoë om positiewe verandering teweeg te bring. Die program is daarop gemik om studente te bemagtig om akademiese en persoonlike sukses te behaal deur geleenthede vir leer, doelbewuste betrokkenheid, selfrefleksie en vaardigheidsontwikkeling te skep. ’n **Hibriede** aanbod sal in die tweede semester beproef word en sal aan tweedejaarstudente met ISFAP-beurse aangebied word. Hierdie program word deur die Sentrum vir Studenteleierskap en -strukture gekoördineer, en is in samewerking met die verskillende rolspelers in Studentesake sowel as die US-ISFAP-programbestuurder ontwikkel.

Die Taalsentrum en die Fakulteit Teologie is besig met die loods van 'n **hibriedeleerintervensie** vir die verlening van taalondersteuning en akademiese vaardighede aan twee groepe eerstejaarstudente – verlengdegraadstudente wat in Universiteitskoshuise tuisgaan en nie-inwonende studente. Albei groepe se aktiwiteite geskied aanlyn, maar die inwonende studente het een verpligte tydgleuf in 'n rekenaarleerarea per week, terwyl die nie-inwonende studente die materiaal op SUNLearn dek, aangevul deur kontakonderrig-ondersteuning tydens een week per termyn. 'n Innoverende kenmerk van dié intervensie is dat twee fasiliteerders op 'n interaktiewe manier aanlyn saamwerk om aan studente terugvoer oor taalprobleme te gee – die Fakulteit se gemengdeleerfasiliteerder en een van die Taalsentrum se akademiesegeletterdheidsfasiliteerders (’n ACLits-fasiliteerder).

2.11 Kortkursus oor gesondheid

Die '**HealthyUS**'-kortkursus is gesamentlik deur personeel by KGD en die Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling op die been gebring en dit is via die Frederick Van Zyl Slabbert-instituut aangebied. Die kursus se onderbou berus op sterk beklemtoning van geestes- en fisieke gesondheid. Studente skakel baie met beroepslui om insig te verkry en vaardighede te ontwikkel wat relevant is vir hul onderskeie kontekste.

2.12 Kortkursus oor wêreldburgerskap

Vyf US-studente het deelgeneem aan die jaarlikse fase II-program oor wêreldburgerskap wat die US in samewerking met die Universiteit van Stuttgart (Duitsland) en St. Xavier's College (Indië) aanbied. Hierdie **gemengdeleerkursus** bestaan uit sowel 'n aanlyn as 'n mobiliteitskomponent. Die oorhoofse tema van die kursus is "In gesprek met globalisasie". Alle deelnemers het die aanlyn komponent op dieselfde tyd voltooi, wat oor temas soos politiek, ekonomie en literatuur gehandel het. Die onderwerp van die projekweek was globalisasie en oorgang(e), en het van 25 Mei tot 2 Junie in Stuttgart plaasgevind en op groepeerbiedings uitgeloopt.

2.13 Loopbaanskoue

Die Eenheid vir Graduandi-loopbaandienste in die Afdeling Studentesake se Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling het in die verslagtydperk drie loopbaanskoue vir ons studente aangebied. Verskeie maatskappye het aan hierdie geleenthede deelgeneem om hulle loopbaanmoontlikhede ten toon te stel. Ondanks die koue reënweer oor die drie dae het ons **studente in groot getalle** opgedaag.

- Die **algemene loopbaanskou** het op Dinsdag 6 Augustus in markiestente op die Rooiplein plaasgevind, waar 39 maatskappye in 43 stalletjies uitgestal het. Daar was 2 784 studentebesoeke.
- Die **rekeningkundeloopbaanskou** het dieselfde vorm aangeneem en is op Woensdag 7 Augustus aangebied, wéér op die Rooiplein. Hierdie keer het 38 maatskappye in 50 stalletjies uitgestal, wat die maksimum getal stalletjies is wat in die markiestente toegelaat word. Altesaam 3 534 studente het die skou besoek.
- Die **ingenieursweseloopbaanskou** in Academia se ontspanningsaal op Donderdag 8 Augustus het uit 16 maatskappye bestaan wat in 18 stalletjies uitgestal het. Daar was 858 studentebesoeke.

Die loopbaanskoue is 'n unieke netwerkgeleentheid waar studente met die aanwesige werkgewers kan gesels, bepaal wat hulle verwag van die gegradueerdes wat hulle in diens neem, en die beskikbare geleenthede kan ondersoek. Daarbenewens bied dit ons studente 'n platform om hulle eie vaardighede, ervaring en kwalifikasies te bemark.

2.14 Maties presteer in sport

Vier van ons studente-atlete het die US van 3 tot 14 Julie by die **internasionale somerspele vir studente** in Napels, Italië, verteenwoordig. Gardeo Isaacs het brons gewen in die 400 m-item vir mans, en silwer as lid van die 4 x 400 m-aflosspan, terwyl die SA sewesrugbyspan vir manstude-nte, met die US se Hein Kritzinger in hulle geleedere, silwer in hulle kragmeting gewen het. Me Ilhaam Groenewald, hoofdirekteur van Maties Sport en president van Universiteitsport Suid-Afrika, het haar by die Matiespan aangesluit.



Figuur 21: Die Matie-atleet Gardeo Isaacs, regs, met sy brons medalje by die internasionale somerspele vir studente.

Maties Hokkie se manskaptain, Alex Stewart, en afrigter, Ashlin Freddy, het die US by die onlangse wêreldreekseindronde in Indië as deel van die Suid-Afrikaanse manshokkiespan verteenwoordig. Freddy was daar in die hoedanigheid van afrigter en video-ontleder.

Maties Gholf se Phillip Swanepoel het aan die begin van April in die R&A-stigting se studentetoernooi by St Andrews, Skotland, gespeel. Jong spelers van 24 universiteite wêreldwyd het deelgeneem aan dié twee dae lange internasionale amateurgholfgeleentheid, wat oor 54 putjies op die Old Course en Eden Course gespeel is.

Maties Krieket se snelbouler Brandon Glover het in Junie sy internasionale eendag- en Twintig20-debuut gemaak toe hy as lid van die Nederlandse span teen Zimbabwe op die veld was.

Waterpolo: Chris Beamish, Josh Faber, Cameron Laurenson en James Hablutzel sowel as afrigter Vaughn Marlow het Suid-Afrika in Junie by die Europese Unie- (EU-)nasiestoernooi in die Tsjeggiese Republiek verteenwoordig. En in Julie was Georgia Moir, Emma Joubert, Christine Abrahamse, Nthatsi Mota, Lwazi Madi en Keegan Clark in aksie by die internasionale watersportkampioenskapstoernooi in Suid-Korea.

Maties Hokkie se vrouespan was die naasweners in die Varsity Hokkie-toernooi nadat hulle in die eindstryd teen NWU-Pukke verloor het. Die wedstryd op 20 Mei is met 'n valbylstryd beslis en die eindtelling was 2-1 in ons opponente se guns.

Kanovaart: Drie Maties, Evan Knight, Alan Houston en Tracey Oellermann, het aan die Bergrivierkanomarathon deelgeneem. Knight het eerste geëindig in die soloesies, Tracey en haar spanmaat eerste in die spanresies vir vroue, en Alan en sy spanmaat in algehele derde plek in die spanresies vir mans.

TEMA 3: DOELGERIGTE VENNOOTSKAPPE EN INKLUSIEWE NETWERKE

Hierdie kern strategiese tema word soos volg bespreek in ons [Visie 2040 en Strategie Raamwerk 2019–2024](#): “As deel van ons missie, het ons by die US ons bereid verklaar om die wêreld rondom ons deur samewerking te beïnvloed en te verander, en self ook verandering te omarm en daarop te reageer. Die kern van ons missie is dat wat in die wêreld gebeur ons navorsing, ons onderrig en leer sowel as ons skakeling rig, en dat wat by ons universiteit gebeur vir die wêreld van belang is. As 'n universiteit, is ons verbind tot Suid-Afrika en Afrika. Terselfdertyd is ons terdeë bewus van ons rol in en verbondenheid aan die internasionale arena. Om te inspireer én geïnspireer te word, sal die US **skakel en saamwerk** met **belanghebbendes**, die **gemeenskappe** wat ons bedien, die **bedryf**, die **regering** en ons **universiteitsvennote** in **plaaslike, streeks-, vastelands- en wêreldverband**. Ons benadering tot samewerking en skakeling strook met ons waardes, met spesifieke verwysing na respek, deernis en billikheid”.

3.1 Internasionaliseringstrategie

Die Rektooraat het op 27 Augustus 'n nuwe Internasionaliseringstrategie vir die US goedgekeur. Dit beoog om die Universiteit se status as 'n betroubare **wêreldrolspeler** en 'n **voorkeurvenoot** in Afrika te konsolideer. Die strategie bied 'n raamwerk om 'n internasionale dimensie by alle tersaaklike institusionele prosesse in te sluit. Boonop verleen dit groter fokus aan die bestaande wye verskeidenheid internasionaliseringsaktiwiteite by die US en rig die instelling se pogings om nuwe, ontluikende geleenthede te ontgin. Raadpleeg gerus die afsonderlike verslag deur die Viserektor: Strategie en Internasionalisering vir meer inligting.

3.2 Komitee vir Eksterne Betrekkinge

Die US het vroeër vanjaar die Komitee vir Eksterne Betrekkinge (KEB) gestig om 'n koördinerende struktuur te skep wat die Rektooraat kan bedien van advies en aanbevelings oor hoe om die Universiteit se betrekkinge met **eksterne belanghebbers** te bevorder. Die KEB is 'n subkomitee van die Rektooraat en ressorteer onder die verantwoordelikhedsentrum van die Adjunkvisiekanselier: Strategie en Internasionalisering. Die funksies van die KEB is soos volg:

- Adviseer die Rektooraat op versoek oor beleidsake wat eksterne betrekkinge raak.
- Verskaf strategiese leiding en toesig in die vorm van strategieë vir betrekkinge met belanghebbers, met die oogmerk om die bestuur van betrekkinge met belanghebbers aan die instelling te optimaliseer.
- Verskaf aan die Rektooraat leiding oor hoe om sekere eksterne belanghebbendes te benader.
- Hou die eksterne omgewing fyn dop om moontlike risiko's en geleenthede uit te wys, en adviseer die Rektooraat dienooreenkomstig.
- Skep bewustheid van temas vir institusionele skakeling met belanghebbers, boodskappe oor handelsmerkposisionering en institusionele narratiewe deur die uitruil van inligting te fasiliteer en sodoende konsekwente sleutelboodskappe aan US-belanghebbers te kommunikeer.
- Skakel met die Sosiale en Besigheidsetiekkomitee van die US Raad om tekortkomings in beleid uit te wys en reg te stel wat risiko's ten opsigte van sosiale verantwoordelikheid, reputasie en sake-etiek skep.

Die lede van die KEB verteenwoordig 'n breë spektrum kundigheid en kennisvelde binne die US en trek 'n verskeidenheid bestaande eksterne betrekkinge bymekaar.

3.3 Beraad en konferensie oor sosiale geregtigheid

Die US se eerste beraad en internasionale konferensie oor sosiale geregtigheid het teen die einde van Augustus plaasgevind. Die geleentheid is deur **prof Thuli Madonsela**, bekleër van die Regsfakulteittrust se leerstoel in sosiale geregtigheid aan die US en voormalige Openbare Beskermer van Suid-Afrika, gereël en aangebied. Dit is deur verskeie hoëvlakspreekers en lede van die burgerlike samelewing byeengebring om sosiale geregtigheid in Suid-Afrika te bevorder. Kwessies op die sakelys het gestrek van grond en toegang tot geregtigheid en ekonomiese insluiting, tot onderwys, gesondheid en voedselsekerheid.

Min Jackson Mthembu, wat president Cyril Ramaphosa verteenwoordig het **in** sy hoofrede die **US aangeprys** vir die instelling se pogings om “die kwessie van sosiale geregtigheid op die voorgrond te bring in die nasionale diskoers”.

In haar openingsrede het prof Madonsela die gehoor daaraan herinner dat “solank daar êrens onreg is, daar nêrens volhoubare vrede kan wees nie”. Sy het afgevaardigdes meer vertel oor haar M-Plan vir Sosiale Geregtigheid, 'n inisiatief wat beoog om teen 2030 armoede uit te wis en gelykheid te bewerkstellig, wat met die Verenigde Nasies se **volhoubare ontwikkelingsdoelwitte** strook.

Ek het in my verwelkomingsrede die Vereniging van Afrika-universiteite se siening oorgedra dat “ons die ontwikkelingsdoelwitte slegs sal kan bereik as ons **hoëronderwyssektor floreer**”. Ek het ook ons strewe in ons visie en strategiese plan beklemtoon, naamlik om ’n “getransformeerde en geïntegreerde akademiese gemeenskap” te wees wat “kritiese denke vier, gesprek bevorder en tot demokrasie, menseregte en **sosiale geregtigheid** verbind is”.

In ’n **verklaring** wat aan die einde van die eerste dag se beraad aanvaar is, het afgevaardigdes hulle kommer uitgespreek oor voortslepende armoede in Suid-Afrika, die ongelykheid wat vrou steeds ervaar, en ’n agteruitgang in sosiale samehang in ons land. Hulle het ’n oproep gedoen om versnelde verandering, en hulle daartoe verbind om kragte saam te snoer om ongelykheid in alle samelewingsektore om te keer. Deelnemers aan die konferensie die volgende twee dae het **besluit** om ’n koalisie van universiteite, navorsers en die burgerlike samelewing te vorm wat gekoördineerd sal werk om sosiale geregtigheid te bevorder. Vir video-opnames van die verrigtinge, gaan na die [Facebook-blad van die M-Plan vir Sosiale Geregtigheid](#).

Ander deelnemers het ingesluit voormalige president FW de Klerk; voormalige Wes-Kaapse premier me Helen Zille; prof Ben Turok, die direkteur van die Instituut vir Afrika-alternatiewe (IFAA); me Nicky Newton-King, uittredende uitvoerende hoof van die Johannesburgse Effektebeurs (JEB); me Busisiwe Mavuso, nuwe uitvoerende hoof van Besigheidsleierskap SA, en regter Shehnaz Meer, waarnemende regter-president van die Grondsehof.

Onder die hoëronderwysverteenwoordigers was die visekanseliers van die universiteit van die Witwatersrand en Vrystaat, proff Adam Habib en Francis Petersen. Die US is onder meer verteenwoordig deur proff Hester Klopper, Eugene Cloete, Arnold Schoonwinkel, Nico Koopman, Nicola Smit, Ingrid Woolard en Jimmy Volmink, sowel as die Raadslede proff Amanda Gouws en Usuf Chikte.

3.4 Ouditeur-Generaal lewer jaarlikse menseregtelesing

Die Ouditeur-Generaal (OG) van Suid-Afrika, **mnr Kimi Makwetu**, het op 29 Augustus die jaarlikse menseregtelesing van die US se Fakulteit Regsgeleerdheid gelewer. Die geleentheid is deur die HF Oppenheimer-leerstoel in menseregtereg aangebied.

Volgens mnr Makwetu toon oudits van regerings- en openbaresektorentiteite dat **onreëlmatige besteding** sedert die boekjaar 2008/9 tot nou drasties toegeneem het en op R390 miljard vir die tien jaar te staan kom. Hy het ook daarop gewys dat ’n skrale 30% van nasionale en provinsiale regeringsentiteite wat geouditeer word, en slegs 15–20% van munisipaliteite, skoon oudits behaal.

“’n Kombinasie van al hierdie faktore gee die ekonomie ’n baie groot knou – kleinsakeondernemings speel bankrot, armoede neem toe en indiensnemingsyfers daal skerp. Die buitewêreld sal dit uiteindelik raaksien, soos ons reeds beleef met die ekonomiese afgraderings en gebrek aan belegging. Dit is dinge wat ’n **demokrasie** en al die gepaardgaande beloftes aan landsburgers tot niet kan maak,” het hy gesê.



Figuur 22: Die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika, mnr Kimi Makwetu, met die US se Dekaan: Regsgeleerdheid, prof Nicola Smit (links), en die bekleër van die HF Oppenheimer-leerstoel in menseregtereg, prof Sandy Liebenberg (regs), weerskante van hom. Foto: Anton Jordaan.

Makwetu het gesê gebrekkige of inkonsekwente optrede deur politieke leiers het ’n **kultuur van “geen gevolge”** geskep. Hy het ’n oproep gedoen om ’n verbetering in etiese gedrag deur diegene in die openbare sektor, sowel as ’n

sigbare verbintenis deur alle staatsamptenare om tot die finansiële gesondheid van die land en 'n beter maatskaplike werklikheid vir alle Suid-Afrikaners by te dra.

3.5 US-professor dien op wêreldwye raad teen korrupsie

Prof Daniel Malan, die direkteur van die Sentrum vir Korporatiewe Bestuur in Afrika, sal vir die termyn 2019/20 in die Wêreld- Ekonomiese Forum (WEF) se wêreldwye toekomsraad oor deursigtigheid en die **bekamping van korrupsie** dien. In dié pos, wat hy op uitnodiging van mnr Klaus Schwab, stigter en uitvoerende voorsitter van die WEF, sal beklee, sal prof Malan met ander toonaangewende kenners saamwerk aan nuwe bestuursinsigte en -idees om die praktyke van besluitnemers wêreldwyd te rig. Hy is reeds 'n lid van die advieskomitee vir "Future of Trust and Integrity", 'n projek van die WEF se teenkorrupsievennootskapsinisiatief (PACI).

3.6 Globale leerstoel aan US-professor toegeken

Die Universiteit van Bath, sesde op die Verenigde Koninkryke-ranglys van die jongste *Guardian University Guide*, het 'n **Globale Leerstoel vir Vroue** aan **prof Soraya Seedat** van die US se Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW) vir 2019/2020 toegeken.

Prof Seedat is 'n uitgelese professor in Psigiatrie en uitvoerende hoof van die FGGW se Departement Psigiatrie. Sy beklee die Suid-Afrikaanse Navorsingsleerstoel in Posttraumatiese Stressteurnis.

Met die aankondiging van die nuus het die Universiteit van Bath gesê dat die Globale Leerstoel-program dit vir die instansie moontlik maak om wêreldbefaaamde akademië uit te nooi om betrokke te wees by hoëprofielnavorsingsaktiwiteite en dat die Globale Leerstoel vir Vroue-skema die aandag op vroue vestig en daarby vroue-akademië oor alle vakgebiede heen vier. "Die skema versterk ook ons strategiese vennootskappe met universiteite en ons is verheug dat dié aanstelling die stewige bande wat ons reeds met Stellenbosch het, verder versterk," het die instansie bygevoeg.

3.7 Skakeling met belanghebbendes

Die Transformasiekantoor het as deel van sy Imbizo 365-program op 20 Mei 'n lesing aangebied om **Werkersdag** van vroeër daardie maand te vier. Die spreker was die organisatoriese ontwikkelingskonsultant en -fasiliteerder mnr Shepi Mati, wie se praatjie gehandel het oor "Die belang van dienspersoneel se stemme in die narratiewe van ons universiteite".

Imbizo 365 strook met die Raamwerk vir belanghebbendeskakeling by die US in 2019, wat die Rektoraat op 5 Februarie goedgekeur het. Die raamwerktema vir Mei was "Werk en werkers", wat ingeskakel het by die US se kern strategiese tema om die US 'n "voorkeurwerkgever" in die hoër onderwys te maak.

Vir Jeugdag in Junie het die Transformasiekantoor met die Fakulteit Teologie saamgewerk om 'n lesing deur US-alumna **me Lovelyn Nwadeyi** oor "Vrygeborenes en demokrasie – vryheid en verantwoordelikheid" aan te bied ([klik hier](#) vir meer inligting). Die tema vir Junie was 'n "transformerende studente-ervaring".

3.8 Fokus op Afrika

Van 30 Julie tot 2 Augustus het die US tweede **Konferensie oor Interprofessionele Opvoedkunde en Samewerkende Praktyk vir Afrika** gesamentlik gereël en daaraan deelgeneem. Dit het in Nairobi, Kenia plaasgevind. Die binnelandse gasheer was Amref Internasionale Universiteit, en Suid Afrika se Mediese Navorsingsraad, Sigma en die Wêreldgesondheidsorganisasie se streekskantoor vir Afrika (WHO-Afro) was ook vennote. Dr Prosper Tumusiime van WHO-Afro die het die konferensie geopen, terwyl twee sprekers van die US programredes gelewer het – Prof Ian Couper, professor in Landelike Gesondheid aan ons Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, op die tweede dag van die konferensie, en prof Hester Klopper, Viserektor: Strategie en Internasionalisering, op die derde dag.

3.8.1 Afrika Sentrum vir Akademieskap

Op nasionale vlak het US Internasionaal se Afrika Sentrum vir Akademieskap (ASA) aan gesprekke deelgeneem oor die DHOO-befondsde **Toekomstige Professors-program**, wat onder leiding van ons eie Fakulteit Opvoedkunde se prof Jonathan Jansen staan. En daar is ook met die Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid saamgewerk om die sigbaarheid van die ASA se werksaamhede op nasionale en streeksvlak te verbeter.

Op internasionale vlak vorm ASA deel van die **PhD-ontwikkelingsprogramme** vir personeellede wat in **Ekonomie** werksaam is – 'n gesamentlike inisiatief van die US en die universiteite van Bath in die VK en Fort Hare in Suid-Afrika.

3.9 Suider-Afrikaanse Netwerk van Watersentrums van Uitnemendheid

Die Suider-Afrikaanse Netwerk van Watersentrums van Uitnemendheid (SANWATCE) van die Afrika-unie (AU) se Nuwe Vennootskap vir Afrika-ontwikkeling (NEPAD) is 'n netwerk van hoërsonderwys- en navorsingsinstellings wat gevorderde wetenskaplike **navorsing en vermoëbou** in die **water- en verbandhoudende sektore** onderneem om 'n impak in die samelewing te hê. Die AU/NEPAD SANWATCE-sekretariaat is gesetel in US Internasionaal se Sentrum vir Samewerking in Afrika (SSA).

SANWATCE het sy opdrag van die AU, die Afrikaministersraad oor Wetenskap en Tegnologie sowel as die Afrikaministersraad oor Water ontvang. Die opdrag sluit 'n direkte verslagdoeningslyn tussen die SANWATCE-sekretariaat en die ministers van water, hoër onderwys sowel as wetenskap en tegnologie in die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) in. By 'n byeenkoms van dié SAOG-groep in Namibië van 17 tot 21 Junie het dr Nico Elema, die bestuurder van die SSA, die sekretariaat verteenwoordig. Daarna het me Joanna Fatch, ook van die SSA, van 21 tot 24 Junie 'n vergadering van SAOG-waterministers bygewoon. Die sekretariaat het boonop van 17 tot 19 Junie aan die byeenkoms European Development Days (EDD) in Brussel deelgeneem. Dít was as voorbereiding vir die volgende fase van Europese Kommissie-gefinansierde waterprojekte.

3.10 Internasionale vennootskappe

Nuwe ooreenkomste gesluit: Op 13 June het ons 'n ooreenkoms op institusionele vlak met die Stadsuniversiteit van Hongkong gesluit om te voorsien vir samewerking rakende somer- en winterskole.

Ooreenkomste hernu:

Datum	Instelling	Land	Soort ooreenkoms	Vlak
23 April 2019	Universiteit van Zürich	Switserland	MVO	Institusioneel
23 April	Universiteit van Zürich	Switserland	Studente-uitruil	Institusioneel
29 April	Universiteit van Georgia	VSA	MVO	Institusioneel
29 April	Universiteit van Georgia	VSA	Studente-uitruil	Institusioneel
29 April	Universiteit van Lausanne	Switserland	MVO	Institusioneel
14 June	Universiteit van Xiamen	China	MVO	Institusioneel
14 June	Universiteit van Xiamen	China	Studente-uitruil	Institusioneel

Tabel 4: Besonderhede van institusionele ooreenkomste wat in die verslagtydperk hernu is.

3.11 Besoekende afvaardigings

3.11.1 Besoeke deur verteenwoordigers van instellings wat betrekkinge wil aanknoop

Datum	Besonderhede van die afvaardiging
13-15 Mei 2019	Dr LJ Edmonds, Viseprovost: Globale Aangeleenthede en Internasionale Studies, en Bose Maposa, Assistentdirekteur: Nagraadse Programme, Universiteit van Ohio, Athens, VSA
14 Mei	Prof Kalu Ibe Ekpeghere, Senior Streeksbestuurder: Internasionale Betrekkinge, Woosong Universiteit, Daejeon, Suid-Korea
13 -23 Mei	Prof Petr Nemeč, Visedekaan: Fakulteit Chemiese Tegnologie, en dr David Vesely, Hoof: Instituut vir Chemie en Tegnologie van Makromolekulêre Materiaal, Universiteit van Pardubice, Tsjeggiese Republiek
28 Mei	Dr Jann Adams, Medevisepresident: Leierskapinisiatiewe en Hoofdirekteur: Andrew Young Sentrum vir Globale Leierskap (Eng. AYCG), en ander lede van die afvaardiging; Morehouse Kollege, Atlanta, Georgia, VSA
25 Junie	Nick Barniville, Mededekaan: Graadprogramme, ESMT, Berlyn, Duitsland
26 Junie	Mary Pang, Mededekaan: Internasionalisasie, Sakekollege, Stadsuniversiteit van Hongkong
16 Julie	Prof Zhingyun Li, President: Kollege van Wuhan, China
	Prof Barney Glover, Visekanselier, en prof Linda Taylor, Pro-visiekanselier, Universiteit van Wes-Sydney, Australië
23 Julie	Afvaardiging vanaf Essex Universiteit, Colchester, VK
29 Julie	Leo McNamee, Trinity Kollege Dublin, Ierland

Tabel 5: Besoeke deur instellings wat betrekkinge met die US wil aanknoop.

3.11.2 Besoeke deur verteenwoordigers van vennootinstellings

Datum	Besonderhede van die afvaardiging
10 Junie 2019	Yang Bin, Visepresident, Mao Tongwen, Direkteur: Suidelike Been van die Confucius Instituut Hoofkantoor/Kantoor vir Confucius Instituut Aangeleenthede, en Lai Siwei, Programkoördineerder: Kantoor vir Internasionale Samewerking en Uitruiling, Universiteit van Xiamen, China
20 Junie	Dr Elizabet Perrill, medeprofessor in kunsgeskiedenis, Universiteit van Noord-Carolina, Greensboro, VSA
24-26 Junie	Stephen Hill, Senior Vennoot: Genootskappekantoor, Northwestern Universiteit, Evanston, Illinois, VSA
12 Julie	Dr Anita Veltmaat, Senior Beleidsadviseur: Internasionale Strategie en Betrekkinge, Universiteit van Groningen, Nederland

Tabel 6: Besoeke vanaf vennootinstellings.

3.11.3 Besoekers wat bande met regerings het

Die **Ambassadeur van Chili**, SE Francisco Berguño, het die Departement Plant- en Dierkunde op 20 Junie besoek.

3.11.4 Besoeke i.v.m. inwaartse studentemobiliteit

Datum	Besonderhede van die afvaardiging
13 Mei	Laura Stipic, Assistentdirekteur: Study Abroad, Universiteit van Notre Dame, Indiana, VSA
15 Julie	Sandra Callaghan, Direkteur: Sentrum vir Internasionale Studies, en Matt Chumchai, Christelike Universiteit van Texas, Fort Worth, VSA

Tabel 7: Besoeke i.v.m. inwaartse studentemobiliteit.

3.11.5 Algemene besoeke deur groepe

In die aanloop tot die Suid-Afrikaans-Japannese Universiteite-konferensie in Pretoria het 'n Japannese afvaardiging die US op 21 Mei vir 'n algemene kennismaking besoek:

- Dr Shinichi Takeuchi, Direkteur: Sentrum vir Afrikastudies, Tokio Universiteit vir Buitelandse Studies
- Prof Jun Matsukuma, Tokio Universiteit vir Buitelandse Studies
- Prof Tatsuya Kusakabe, Adjunkdirekteur: Sentrum vir die Studie van Internasionale Samewerking in Opvoedkunde, Universiteit van Hiroshima
- Prof Kazuhiro Yoshida, Universiteit van Hiroshima
- Mnr Nobuo Kanda, Projektkantoor: JF Oberlin Universiteit en Geaffilieerde Skole, Tokio
- Mnr Atsushi Nagaoka, JF Oberlin Universiteit, Tokio

3.12 Kaapse Hoëronderwyskonsortium

Die US is 'n lid van die Kaapse Hoëronderwyskonsortium (CHEC), wat vennootskappe het met die Stad Kaapstad en die Wes-Kaapse regering. Dié vennootskappe word bestuur deur beheerkomitees wat uit verteenwoordigers van verskillende staatsdepartemente én van elk van die vier Wes-Kaapse universiteite bestaan. Ons Afdeling Sosiale Impak het in die verslagtydperk die **finansiering van twee US-navorsingsprojekte** binne die bestek van die CHEC-samewerkingsraamwerk gefasiliteer – een elk in die fakulteite AgriWetenskappe, en Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe.

3.13 Samewerking met UWK

Die Universiteit van die Wes-Kaap (UWK) het die US in Februarie genader oor die moontlikheid om 97 UWK-studente by te staan om hul **Gevorderde Diploma in Onderwys** (GDO) te verwerf, aangesien UWK steeds op goedkeuring van hulle programaansoek deur die Raad op Hoër Onderwys (RHO) gewag het.

Die US bied 'n soortgelyke GDO-program aan, wat wel deur die DHOO goedgekeur, deur die RHO se Hoëronderwysgehaltekomitee geakkrediteer en by die Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid geregistreer is. Nadat die saak ondersoek en beoordeel, en met die kollegas aan die opvoedkundefakulteite by albei universiteite bespreek is, het die US ingestem. UWK het vooraf die DHOO se goedkeuring verkry, sowel as die instemming van die meerderheid van die betrokke studente. 'n Formele ooreenkoms is aangegaan, wat op 1 Julie in werking getree het. Tot op hede het 72 van hierdie studente vir die GDO-program aan die US ingeskryf.

Die ooreenkoms tussen die US en UWK is te danke aan die samewerking en steun van ons kollegas by die Sentrum vir Pedagogie aan die US Fakulteit Opvoedkunde (SUNSEP), die US Registrateursafdeling, die US Sentrum vir Akademiese Beplanning en Gehalteversekering en UWK.

3.14 Uitgebreide Onderwyspraktisynopleidingsprogram

Naskoolse programme bied leerders 'n veilige ruimte om in kleiner groepe met mekaar om te gaan en hulle horisonne te verruim. Die doel is om positiewe leerderuitkomst te bevorder. Vermoëbou van die praktisyns wat hierdie programme aanbied, is noodsaaklik om te sorg dat die programme doeltreffend en van 'n goeie gehalte is.

Die US se Afdeling Sosiale Impak en die Wes-Kaapse Departement van Kultuursake en Sport het kragte saamgesnoer om die 12 maande lange Uitgebreide Onderwyspraktisynopleidingsprogram aan te bied. Dié kortkursus konsentreer daarop om die vaardighede en vermoë te bou van praktisyns in Wes-Kaapse skole met weinig of geen skoolgeld wat naskoolse programme in sport en ontspanning, kuns en kultuur, lewensvaardighede en akademie aanbied.

Voortvloeiend hieruit, het die US en die Wes-Kaapse regering op 30 Mei 'n gesamentlike seminaar oor naskoolse programme by die Fakulteit Opvoedkunde gehou. Geleenthede vir gesamentlike navorsing en samewerking is bespreek. Dít sluit in die moontlikheid om die kortkursus in 'n meer formele tersiêre kwalifikasie te ontwikkel.

3.15 Samewerking om voedsel nood te bekamp

Studente aan die Universiteit van Kaapstad het onlangs die #LunchBoxChallenge van stapel gestuur om voedselonsekerheid onder Suid-Afrikaanse skoolleerders die hoof te bied. Connect Maties, die studentefondswerwingsafdeling van die US se Afdeling Sosiale Impak, het die uitdaging aanvaar. Hulle het kragte saamgesnoer met die Afrikakantoor van Rise Against Hunger (RAH), 'n internasionale organisasie wat die verspreiding van kos en ander bystand wêreldwyd koördineer, om etes te verpak en te skenk.



Figuur 23: US-studente en -personeel verpak etes om 'n verskil te maak in die stryd teen kostekorte.

US-personeel het by ons studente aangesluit vir 'n aanvanklike geleentheid op 11 Mei, en nóg een op 23 Julie as deel van Mandelamaand. Altesaam **50 000 etes** is verpak. Tienduisend daarvan is geskenk aan die #Move4Food-veldtog, wat US-studente bystaan, en 40 000 aan 2nd Harvest, 'n organisasie wat landwyd diegene in nood van etes voorsien en jeugdiges met vaardighede toerus.

3.16 Voedselsekerheidsintervensie vir Weskusskole

Die US se Afdeling Sosiale Impak (SI) koördineer vennootskapsversoeke en neem deel aan netwerke van die burgerlike samelewing sowel as inisiatiewe met veelvuldige rolspelers. As deel hiervan het SI onlangs skakeling in die hand gewerk tussen die Fakulteit AgriWetenskappe en Jala Peo, 'n multirolspelerprojek wat hom vir groter voedselsekerheid onder leerders in arm skole aan die Weskus beywer. Dít het uitgeloop op 'n dag lange **opleidingsessie in akwaponika** op die Welgevallen-proefplaas, wat deur 22 onderwysers van Weskuslaerskole bygewoon is. Mnr Henk Stander van AgriWetenskappe se Departement Veekundige Wetenskappe het die werksessie aangebied. SI is tans in gesprek met ander US-fakulteite en -departemente om by hierdie inisiatief betrokke te raak.

3.17 Gesondheidsvennootskappe

KGD se sportgeneeskundiges en fisioterapeute het by vier geleenthede in die verslagdoeningstydperk kliniese dienste gelewer by die **sportgeneeskundekliniek** van die US se Instituut vir Sport- en Oefeningsgeneeskunde (ISEM) wat by die Tygerberg-hospitaal gehou is. Die kliniek is gemik op gemeenskapsgebaseerde atlete wat as staatspasiënte kwalifiseer en gee hulle toegang tot uitstekende sportgeneeskundige sorg.

KGD se **fisioterapeute** het Maties-spanne vir hokkie, netbal en rugby bygestaan tydens hul onderskeie USSA-veldtogte. Dr Craig Thompson, 'n **mediese dokter**, het Maties se rugby-eerstespan bygestaan.

Maties Gemeenskapsdiens het die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW) bygestaan om **verpleegkundestudente** as deel van hulle opleiding uit te plaas. Gekose terreine sluit in Safe House Stellenbosch, Prochorus Community Development, die plaas Middelvlei en Huis Horison. Dít kom nadat die FGGW se Departement Verpleegkunde vanjaar 'n nuwe voorgraadse opleidingsprogram vir verpleegkundiges bekend gestel het. Die vier jaar lange program word op Tygerbergkampus en sy gepaardgaande verspreide kliniese opleidingsplatform aangebied. Die konteks van kliniese praktyk is wyd uiteenlopend en wissel van staatsgesondheidsorgomgewings tot die privaat gesondheidssektor en tersaaklike leerervarings by skole, maatskaplikewerkin stellings, rehabilitasiefasiliteite, nieregeringsorganisasies en organisasies sonder winsoogmerk.

3.18 Opleiding van gemeenskapsleiers

Vanjaar se opleiding van gemeenskapsleiers as deel van die E'bosch-inisiatief is afgehandel, met bydraes deur die US se Afdeling Sosiale Impak. Altesaam 25 individue het die kursus op 8 Junie voltooi. Deelnemers moes 'n voorstel en begroting vir 'n ontwikkelingsprojek in hulle onderskeie gemeenskappe opstel, wat hulle op 13 Julie aan medekursusgangers voorgelê het. Modules wat vanjaar behandel is, sluit in gemeenskapsontwikkeling, gemeenskapskartering, prosesbeplanning en -vernuwing, projekbestuur, Suid-Afrika se ontwikkelingsraamwerk, en die viering van erfenis.

TEMA 4: GENETWERKTE EN SAMEWERKENDE ONDERRIG EN LEER

Luidens ons [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#) behels hierdie kern strategiese tema die volgende: “Die US pak hiermee 'n reis van **genetwerkte en samewerkende onderrig en leer** aan deur leergemeenskappe te skep waar studente, personeel en alumni sinvolle leer kan ervaar. Die Universiteit bevorder 'n leergerigte benadering tot onderrig, met die klem op leer as 'n vennootskap, wat studente as medeskippers van kennis en leeromgewings beskou. Binne 'n leergerigte benadering werk onderrigaktiwiteite kennisbou in die hand en word studente aktief by hulle eie leer betrek.

“Die Universiteit het ook 'n holistiese begrip van onderrig en leer, wat individuele sowel as sosiale voordele insluit. Die US se onderrigpraktyke is diep veranker in, word gevorm deur en reageer op die omgewings waarin dit plaasvind.

“Hierdie benaderings rig die Universiteit as 'n leerorganisasie, wat die ontwikkeling van leergemeenskappe onder studente, personeel en alumni in verskillende konfigurasies moontlik maak. Genetwerkte en samewerkende leer skep 'n omgewing wat intellektuele weetgierigheid aanmoedig, synde 'n noodsaaklike vaardigheid vir volgehoue kritiese en kreatiewe denke.”

4.1 Onderrigvaardigheidsontwikkeling

Die program **Professionele Onderrigontwikkeling vir Akademici (PRONTAK)** van die US se Sentrum vir Onderrig en Leer (SOL) in die Afdeling Leer- en Onderrigverryking wil akademië se professionalisering as hoërondewysopvoeders deur platforms vir gemengdemetodeleerling en samewerkende leerruimtes ondersteun. Altesaam 67 nuwe akademiese aanstellings uit ál tien US-fakulteite het op 22 Mei by STIAS byeengekom vir die eerste tussenfakulteitkontaksessie van vanjaar se ses maande lange program. Die tema was “Onderrig & leer by die US ‘buite die boks’”. Die doel met die dag was om te toon dat leer pret én aktief kan wees, om soveel moontlik netwerkgeleenthede te bied, en om deelnemers aan te moedig om oor hulle eie onderrig te besin.



Figure 24 en 25: Deelnemers aan die PRONTAK-tussenfakulteitkontaksessie op 22 Mei.

Daarbenewens het aansoekers om die jaarlikse **Toekennings vir Uitnemendheid in Onderrig** geopen, en die proses om moontlike aansoekers in fakulteite te identifiseer en voor te berei is aan die gang. SOL-raadgewers help met die samestelling van onderrigportefeuljes, en werksessies word op fakulteite se versoek aangebied. Die toekennings is van stapel gestuur nadat die Senaat in Junie 2015 die verslag van die taakgroep oor die bevordering en erkenning van onderrig aanvaar het. Die doel is

om institusionele steun vir uitnemende onderrig en leer in die hoër onderwys te toon, 'n kader akademië te skep wat in hulle eie vakrigtings én oor die hele instelling as onderriginspirasie en -leiers dien, en om gesprek en bewustheid te skep oor wat uitnemende onderrig beteken.

4.2 Verlengde Graadprogram

Die Verlengde Graadprogram (VGP) is 'n toegangsroete vir studente wat bykomende tyd en akademiese steun nodig het wanneer hulle met hulle studie aan die US begin. Ander universiteite het soortgelyke inisiatiewe. Die eerste in 'n reeks van vier **VGP-streekseminare** vir Wes-Kaapse universiteite het op 30 Mei by die US plaasgevind. Die doel is om kollegas wat by die onderskeie instellings se VGP's betrokke is byeen te bring om gedagtes en praktyke op hierdie gebied uit te ruil. By dié eerste seminar het sowat 40 deelnemers (akademië en studente) van die US, die Universiteit van die Wes-Kaap (UWK), die Kaapse Skiereiland Universiteit vir Tegnologie (KSUT) en die Universiteit van Kaapstad (UK) oor die rol van mentors en mentees in VGP's beraadslaag.

4.3 Winterskool van die Afrika Doktorale Akademie

Die Winterskool van die US se Afrika Doktorale Akademie (ADA) is vanjaar van 1 tot 12 Julie in Stellenbosch aangebied. Altesaam **400 deelnemers** het die **17 kursusse** wat aangebied is, bygewoon. Dit beteken dat hierdie winterskool die beste bywoningsyfer het uit al 10 jaar dat die ADA bestaan.

Aanbieders uit Suid-Afrika (15), die VSA (2), Ierland (1) en België (1) het werksessies gefasiliteer. Onder hierdie aanbieders was 11 van die US, wat die afgevaardigdes deeglik bewus van ons kundigheid gemaak het. Die US-span het personeel uit die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Opvoedkunde, en Ingenieurswese ingesluit, sowel as uit die Sentrum vir Onderrig en Leer, die Sentrum vir Leertegnologieë en die Afdeling vir Navorsingsontwikkeling.

4.4 Aanlyn opleiding vir studieleiers van doktorale kandidate

Die Sentrum vir Navorsing oor Wetenskap, Evaluasie en Tegnologie (SENWET) het befondsing van die Duitse Akademiese Uitrustings (DAAD) bekom om 'n buigsame studiegeleentheid in doktorale studieleiding te ontwikkel. Hierdie kursus is gemik op akademiese personeel aan universiteite in Afrika, veral diegene met min of geen ervaring in doktorale studieleiding, wat graag hul vaardighede wil verskerp en netwerke in hierdie veld wil ontwikkel.

Die hoogs interaktiewe kursus is as 'n aanbod **ten volle aanlyn** geloods, oor agt weke aangebied en het meer as **100 deelnemers van dwarsoor die vasteland** gehad. Deelnemertevredenheid was besonder hoog – 'n aanduiding van die sukses van die aanlyn ontwerp en die fasiliteringstrategieë wat ingespan is om die inhoud oor te dra. Twee herhalings is vir **2019** geskeduleer. Die eerste is in **Mei** gehou en die tweede sal in **Oktober** plaasvind. 'n Alumni-netwerkgeleentheid vir kursusdeelnemers sal in **November** by die US plaasvind.

4.5 Hibriede modules en programme

Die Sentrum vir Leertegnologieë (SLT) put uit die kundigheid wat hulle verwerf het deur aanlyn kortkursusse te ontwikkel om 'n aantal fakulteite te ondersteun in die ontwerp van aanlyn komponente van hibriede modules en programme. Hierdie aanlyn blokke bied aan studente **buigsame leergeleenthede** wat by elkeen se eie spoed kan aanpas.

Die eerste proefneming vanjaar, met Chemie 124, het die toets geslaag. Dit is 'n sogenaamde hekwagtermodule hierdie, want studente kan nie na hulle tweede jaar vorder sonder dat hulle dit eers geslaag het nie. Chemie 164, 'n weergawe wat hibriede leer toepas, is ontwikkel en gedurende die reses in Julie vir studente aangebied. Die aanbieding behels 'n tweevoudige modus – 'n aanlyn komponent, wat studente op hulle eie kan deurwerk soveel keer as wat nodig is, aangevul deur twee intensiewe kontaksessies in die resestyd. Dit word opgevolg met twee eksamenleenthede. Op dié manier kan studente hulle studies afhandel sonder om vir 'n bykomende studiejaar in te skryf.

Met hierdie weergawe as grondslag word daar 'n aantal ander hibriede modules en programme vir volgende jaar ontwikkel, byvoorbeeld:

- Strategiese Menslikehulpbronbestuur (NGDip; Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe),
- Biologie 124 en Honneurs Bio-informatika (Fakulteit Natuurwetenskappe),
- Kankerwetenskapnavorsing (MPhil; Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe),
- Strukturele Brand (module; Fakulteit Ingenieurswese), en
- Bosbou en Houtwetenskappe (NGDip; Fakulteit AgriWetenskappe).

4.5.1 Hibriede en aanlyn leierskapskursusse vir studente

Die Sentrum vir Studenteleierskap en -strukture ontwikkel verdere aflewering van die gewilde **JustLead!** hibriedeleerkursus ná die suksesvolle afhandeling van nog 'n aflewering aan 'n totaal van 54 studente in die loop van die eerste semester. Oor 'n tydperk van vier maande is studente uitgedaag wat betref aspekte van maatskaplike geregtigheid en leierskap. Die studente is afkomstig uit die Wes-Kaap, Oos-Kaap, KwaZulu-Natal en Gauteng, en het hoërsonderwys- en gemeenskapsorganisasies verteenwoordig. Hulle het aanlyn komponente voltooi en tydens kontakssessie geleentheid gehad vir interaksie met mekaar en met die fasiliteerders.

Die Sentrum het ook vroeër hierdie jaar 'n kursus aangebied wat ten volle aanlyn is – die **Program vir die Ontwikkeling van Afrika-leierskap**. Die kursus het deelnemers van die US en die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie getrek en ook van die universiteite van Johannesburg en Fort Hare. Die kursus het deelnemers uitgedaag om te redeneer oor wat Afrika-leierskap is en krities na te dink oor die verlede, hede en toekoms van Afrika-leierskap.

4.6 Vermoëbou vir universiteitsregistrateurs

Ná 'n versoek deur die **Vereniging van Afrika-universiteite** (AAU) het die US se Registrateur, dr Ronel Retief, van 25 tot 28 Junie as medegasheer opgetree vir 'n vermoëbouwerkssessie vir universiteitsregistrateurs en -administrateurs op Stellenbosch. Die vier dae lange werksessieprogram het onderwerpe soos studenterekordbestuur, eksamens en roosters, gradeplegtighede en professionele ontwikkeling aangeroe. Die **14 deelnemers** het visekanseliers, registrateurs en senior administrateurs van universiteite in Zimbabwe, Ghana, Malawi, Nigerië, Mauritius, Tanzanië, Uganda, Kenia en Suid-Afrika ingesluit.

4.7 Leer en onderrig deur KGD

KGD-personeel bied elke jaar 'n **module in openbare geneeskunde** by US Internasionaal se Somerskool aan. Die onderwerpe wat aangeraak is, het oefening in geneeskunde, seksuele en reproduksiegesondheid, huishoudelike geweld en geestesgesondheid ingesluit.

Drs Pierre Viviers, Craig Thompson en Jo-Anne Kirby was by verskeie leer- en onderrigaktiwiteite betrokke tydens die tweede akademiese kontakweek vir **ISEM se meestersgraad** in Sport- en Oefeningsgeneeskunde. Die studente is ook by toepaslike kliniese programme by KGD betrek om hul praktiese ervaring uit te brei. Hierdie platform vir samewerkende onderrig en leer is 'n unieke kenmerk van dié graadprogram.

Dr Viviers het voorleggings aan **nagraadse genote** in Sportgeneeskunde gedoen aan Vanderbilt Universiteit (in Nashville, Tennessee) asook by die Spaulding Rehabilitasiehoospitaal – deel van die Harvard Mediese Skool in Boston. Die voorleggings is gebaseer op navorsing wat by ISEM gedoen is.

Elke tweede Vrydag hou KGD 'n **vakjoernaalbyeenkoms**, waar tutoriaallesings aangebied word as deel van kliniese personeel se voortgesette professionele ontwikkeling. Bywoning is vir alle personelede oop en onderwerpe verskyn op KGD se aanlyn kalender.

TEMA 5: NAVORSING VIR IMPAK

Luidens ons [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#) impliseer “**Navorsing vir impak**” by die US “die optimalisering van die wetenskaplike, ekonomiese, sosiale, vakkundige en kulturele impak van ons navorsing. Die klem val op interdisiplinêre navorsing tot voordeel van die samelewing in nasionale, vastelands- en wêreldverband. Tog bly ons verbind tot basiese en dissiplinêre navorsingsuitnemendheid omdat dit as grondslag vir toegepaste en betekenisvolle navorsing dien.”

5.1 Oorsig van US-navorsing in 2018

Ons Afdeling Navorsingsontwikkeling het ’n nuwe uitgawe van die bekroonde publikasie *Research at Stellenbosch University* uitgereik ([klik hier](#) vir ’n virtuele eksemplaar). Die tema van vanjaar se uitgawe is “Navorsing vir impak”, synde een van die US se kern strategiese temas uit ons visie en strategiese plan.

Elk van die hoofstukke van die publikasie is gewy aan een van die US se **vyf strategiese navorsingsgebiede**, naamlik (i) die natuurlike omgewing, (ii) maatskaplike geregtigheid en ontwikkeling, (iii) gesondheid en menslike sekuriteit, (iv) menslike kreatiwiteit en sosiale innovasie, en (v) stelsels en tegnologieë vir die toekoms.

Boonop is ’n nuwe lesingreeks bekend gestel om die merkwaardige omvang en diepte van navorsing by ons instelling te toon. Die reeks getiteld “Vorentoe met navorsingsimpak” sal bestaan uit etensuurpraatjies deur van ons voorste US-navorsers wat vir die res van die jaar op vasgestelde dae in die Universiteitsmuseum sal plaasvind. Klik [hier](#) vir die program.

5.2 SUNScholarData bekend gestel

Navorsingsdatabestuur het die afgelope dekade ’n al hoe groter rol by hoëronderwysinstellings wêreldwyd begin speel. Dit is hoofsaaklik omdat navorsing meer datagerig geword het. As ’n toonaangewende navorsingsintensiewe instelling, tref die US ook die nodige maatreëls om gepaste databestuurpraktyke in gebruik te neem. Een van dié maatreëls is die vestiging van ’n institusionele **navorsingsdatabewaarplek**, SUNScholarData, wat ons Biblioteek- en Inligtingsdiens op 12 Augustus bekend gestel het. SUNScholarData sal navorsingsdata in digitale vorm vaslê, stoor, indekseer, bewaar en herversprei. Dit sal die opspoorbaarheid en toeganklikheid van die US se navorsingsdata aansienlik verbeter.

5.3 Navorsing onder leiding van US onthul hoë tempo van plantuitsterwings in SA

’n Internasionale span navorsers onder leiding van US-akademici het bevestig dat 79 plante in Suid-Afrika se drie biodiversiteitsbrandpunte – die Kaapse planteryk, die sukkulente Karoo en die Maputaland-Pondoland-Albany-korridor – amptelik uitgesterf het.

Volgens ’n studie wat in Augustus in die vaktydskrif *Current Biology* verskyn het ([klik hier](#) vir die artikel), maak dit ’n skokkende **45,4% uit van alle bekende plantuitsterwings** in tien van die wêreld se 36 biodiversiteitsbrandpunte. Biodiversiteitsbrandpunte is gebiede wat nie net oor ’n uitsonderlik hoë aantal endemiese (unieke) spesies beskik nie, maar ook ernstig bedreig word deur menslike ontworting. Drie van hierdie brandpunte word in Suid-Afrika aangetref, wat merkwaardig is vir ’n betreklik klein land.

Onder leiding van prof Jaco le Roux en dr Heidi Hirsch van die US se [Sentrum vir Indringerbiologie \(SIB\)](#) het die span navorsers ’n omvattende datastel van



Figuur 26: ’n Uiters seldsame vygiespesie, Jordaniella anemoniflora, is in 2012 as uitgestorwe in die natuur verklaar nadat dit die stryd teen toenemende verstedeliking en kusontwikkeling in die omgewing van die Strand, Macassar en Hermanus verloor het.

291 plantuitsterwings sedert die jaar 1700 in tien biodiversiteitsbrandpunte en ses laebiodiversiteitsgebiede (soos Engeland, Duitsland en Rusland) ontleed. (Hoewel laebiodiversiteitsgebiede vergeleke met brandpunte betreklik min endemiese spesies bevat, gaan dié streke ook gebuk onder groot habitatverlies, wat hulle insluiting by bewaringspogings regverdig.) Gesamentlik beslaan die bestudeerde gebiede sowat 15% van die aarde se landoppervlak.

Volgens die navorsing is die hoofredes vir uitsterwing in Suid-Afrika **landbou** (49,4%), **verstedeliking** (38%) en **indringerspesies** (22%). Die navorsers het in die artikel beklemtoon dat biodiversiteitsverlies en klimaatsverandering die grootste bedreigings is wat die mensdom in die gesig staar.

5.4 US se haai-afskriktegnologie by gewilde oorsese strandoord beproef

Haai-afskriktegnologie wat deur 'n span van die US ontwikkel is, word tans langs die kus by die eiland Réunion in die Indiese Oseaan beproef. Na wat berig word, is die SharkSafe Barrier™ tans die **mees gevorderde beskikbare haaispesifieke afskriktegnologie** wat branderplankryers en swemmers veilig hou sonder om haaie of ander seedië te beseer of te dood. ([Klik hier](#) vir 'n video.)

Die US se **dr Sara Andreotti** en **prof Conrad Matthee** het die tegnologie oor die afgelope sewe jaar in samewerking met die bekende bewaringskundige Michael Rutzen, dr Craig O'Connell van die Verenigde State en die Suid-Afrikaanse kusingenieur Laurie Barwell ontwikkel.

Die span het twee bekende aspekte van haaibiologie – die diere se natuurlike afkeer van digte **seewier**, en hul gevoeligheid vir **magneetvelde** – saamgevoeg om vorendag te kom met 'n versperring wat haaie en mense fisies van mekaar skei. Die versperring bestaan uit verskeie skuins rye pype van hoëdigtheidspoliëtileen wat 'n meter uit mekaar in die seabodem geplant word om 'n digte seewierwoud na te boots. Die ry wat see toe front, bevat groot keramiekmagnete, wat 'n sterk magneetveld skep om verder te keer dat die haaie nader kom.

Die eerste konsepproewe is in die stormagtige waters van **Gansbaai** onderneem, wat as die Mekka van witdoodhaaië in Suid-Afrika beskou word. Nie 'n enkele haai het gedurende die twee jaar lange proewe die kunsmatige seewiersperring van 169 m² binnegegaan nie, selfs al is die diere met aas nader gelok.

Die SharkSafe Barrier™ is in 2014 met die hulp van die US se tegnologieoordragmaatskappy, Innovus, gekommersialiseer. Dr Andreotti is in 2017 deur die haairisikobestuursentrum van Réunion genader om te bepaal of die uitvinding die bulhaaië (of Zambezihaaie) van die Indiese Oseaan ewe doeltreffend afskrik.

'n Versperring van 100 m² is vroeër vanjaar langs die kus by **Saint-Paul** geïnstalleer. Réunion-navorsers gooi twee keer 'n week aas in die middel van die installasie om die haaie te lok. Die struktuur het reeds 'n kunsmatige rif gevorm, en dien as skuilplek vir plaaslike vissoorte. Tot dusver het geen haaie nog die versperring aangedurf nie. Die veldproef sal voortduur totdat die Réunion-span interaksies met ten minste 20 haaie vasgelê het.

Die SharkSafe-span werk tans daaraan om die versperring meer robuus te maak deur die **ankerstelsel** aan te pas sodat die pype stewiger in sanderige seabodems geplant kan word. Daarna moet dit nog een keer aan werklike seetoestande blootgestel word.

5.5 IDASA-versameling aan US toevertrou

Die US is nou die amptelike eienaar van die manuskripversameling van die Instituut vir Demokratiese Alternatiewe in Suid-Afrika (IDASA), 'n organisasie wat in die tyd voor Suid-Afrika se politieke oorgang in 1994 'n belangrike instaatstellende rol gespeel het.

Die verkryging is moontlik gemaak deur die finansiële steun van die Switserse Konfederasie. Die Switserse ambassadeur in Suid-Afrika, Haar Eksellensie me Helene Gudliger Attieda, het dit op 20 Junie by 'n plegtigheid by die US Biblioteek oorhandig. Ander hooggeplaastes by die geleentheid was onder meer dr Roelf Meyer en die ambassadeurs van Argentinië, Ecuador, Litaue, Portugal en Peru.



Figuur 27: Die Switserse ambassadeur in Suid-Afrika (links) en 'n fotograaf kyk na dele van die IDASA-versameling by die oorhandigingsplegtigheid by die US Biblioteek.

Die IDASA-manuskripversameling bevat unieke foto's, manuskripte en ander materiaal wat Suid-Afrika se politieke geskiedenis in die 1980's en vroeë 1990's uitbeeld, en sal van groot waarde wees vir navorsers en studente. Dit vul ander, soortgelyke versamelings van die Biblioteek aan, waaronder die [Frederik Van Zyl Slabbert-versameling](#).

In pas met die Biblioteek se mandaat om dokumentêre erfenis te bewaar en vir navorsing beskikbaar te stel, is die IDASA-versameling gesorteer, en is 'n inventaris daarvan opgestel. Dít beteken die fisiese versameling is gereed vir navorsers se gebruik. Van die items in die versameling is gedigitaliseer en [aanlyn beskikbaar](#) in die Biblioteek se digitale erfenisbewaarplek, [SUNDigital Collections](#). Verdere gedigitaliseerde items sal in die toekoms bygevoeg word.

TEMA 6: VOORKEURWERKGEWER

In ons [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#) is ons mense ons eerste “instaatsteller” – 'n element “wat alles moontlik maak”. Wat personeel betref, is dit soos volg gekoppel aan 'n kern strategiese tema: “Ter ondersteuning van die US se visie, missie, waardes en strewes is dit noodsaaklik om die gesondheid en welstand van ons mense te ondersteun. In die US se strewes om die **voorkeurwerkgewer** te wees, beoog ons 'n instaatstellende omgewing wat die beginsels van medeskepping en gepaste deelname insluit en die kenmerke van 'n inklusiewe kampuskultuur vergestalt.”

6.1 Eksterne hersiening van Menslike Hulpbronne

Nadat die opdrag vir 'n eksterne hersiening van die Afdeling Menslike Hulpbronne (MH) afgehandel is, is 'n geslote tenderproses aangevoer en is **Korn Ferry**, 'n internasionale konsultasiefirma, aangewys as diensverskaffer. Die hersiening het op 19 Augustus 'n aanvang geneem. Soos voorheen verslag gedoen is, sal ál MH se prosesse, prosedures, beleide, praktyke, personeellede, personeelvaardighede, werklaste en personeelplasinge van nader bekyk word.

6.2 Diensbillikheid

Die proses om elke US-omgewing se diensbillikheidsteikens met personeelplanne te versoen duur voort. Die teikens word onmiddellik ná elke omgewingsgesprek goedgekeur, en sal die grondslag uitmaak van die institusionele diensbillikheidsplan wat later vanjaar by die Departement van Arbeid ingedien moet word.

6.3 Vroue van die US

Ter viering van Vrouemaand het Korporatiewe Kommunikasie weer die jaarlikse veldtog **#WomenofSU** van stapel gestuur. Die doel van die veldtog, wat op 1 Augustus 'n aanvang geneem het, is om met die vroue by ons instelling te spog. Die veldtog vir 2019 het gekonsentreer op:

- vrouepersoneel in PASD-omgewings soos US Internasionaal, die Kliëntekontaksentrum en die Sentrum vir Studentewerwing en Loopbaanadvies, wat almal met die US se eksterne belanghebbendes werk; en
- vroueakademië wat betrokke is by gendergebaseerde navorsing of projekte met 'n positiewe impak op vroue.

Grepe uit die veldtog, wat op die US se sosialemediaplatforms, webtuiste en in die elektroniese nuusbrief gevoer is, verskyn hieronder:



Figure 28 en 29: Grepe uit die geïntegreerde kommunikasieveldtog #WomenofSU gedurende Vrouemaand

Van die artikels deur US-outeurs wat gedurende Vrouemaand in die eksterne media verskyn het, is soos volg:

- Prof Amanda Gouws: [Little is left of the feminist agenda that swept South Africa 25 years ago](#) (*The Conversation*, 5 Augustus)
- Prof Nuraan Davids: [Army must uphold constitutional values](#) (*Mail and Guardian*, 8 Augustus)
- Carli van Wyk: [No challenge too insurmountable for women](#) (*Eikestadnuus*, 8 Augustus)
- Dr Elisabet le Roux: [Women experience oppression differently. Our response must be nuanced](#) (*News24*, 9 Augustus)
- Dr Funlola Olojede: [Women's Day is all well and good but women are still undermined](#) (*Cape Argus*, 9 Augustus)
- Prof Michael le Cordeur: [Gesoeke: 'n Vrou om ons te red](#) (*Eikestadnuus*, 15 Augustus)
- Dr Azille Coetzee: ['Big little lies': Fantasie, seks deur die prettig-feministiese lens](#) (*Vrye Weekblad*, 23 Augustus)

6.4 Senior aanstellings

Dr Kelebogile Choice Makhetha het op 1 Augustus haar pos bekleed as die nuwe **Senior Direkteur: Studentesake** ([klik hier vir nog inligting](#)), prof Mbulungeni Madiba het op 1 September as die nuwe **Dekaan: Opvoedkunde** begin ([klik hier](#)), en me Nicolette van den Eijkel is vir 'n verdere

vyfjaartermyn aangestel as **Hoof Direkteur: Fasiliteitsbestuur**, met ingang 1 Januarie 2020. Die US Museum het **dr Mosa Phadi** aangestel as programbestuurder van die Ubuntu Dialoë, 'n drie jaar lange samewerkingsprojek tussen die US en Michigan-staatsuniversiteit, met finansiering van die Andrew W Mellon-stigting.

6.5 Personeelbyeenkoms

Die tweede personeelbyeenkoms van die jaar het op **27 Augustus** plaasgevind. Dit is in die Adam Small Teaterkompleks op ons Stellenboschkampus gehou, en is regstreeks oor die internet uitgesaai vir personeellede wat dit nie kon bywoon nie, onder andere diegene op ons ander kampusse.

Die bestuur het personeellede van 'n aantal belangrike ontwikkelings by ons instelling sedert die vorige vergadering in Februarie in kennis gestel. Dit het ingesluit die brand by Huis ten Bosch, voorvalle in studentegemeenskappe, die omstrede artikel oor ras en kognisie, die bekendstelling van die US Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenke, vordering met die inwerkingstelling van ons visie en strategiese plan, die optimale posisionering van die US-handelsmerk, stelselvernuwing (SUNFin en SUNStudent), en prioriteite wat in Julie by ons Uitvoerende Beplanningsforum bepaal is.

Personeellede het ook geleentheid ontvang om vrae te vra, en die jongste US-publikasies is beskikbaar gestel (die *Geïntegreerde Jaarverslag 2018*, *Matieland*, die *US Korporatiewe Profiel* en *Research at Stellenbosch University 2018*). [Klik hier](#) vir 'n nuusberig oor die personeelbyeenkoms wat op die US-webtuiste verskyn het, en [hier](#) vir 'n video.

6.6 Transformasievaardighede vir personeellede

Sedert die begin van die jaar het 458 personeellede aan 31 sessies van Menslike Hulpbronne se **Siyakhula-diversiteitsvermoëbouprogram** deelgeneem. Temas sluit in moderne rassisme, institusionele kultuur, bemiddeling, konflikbeslegting, empatie, die gevaar van stereotipering, en seksuele teistering.

Die daadwerklike pogings van leiers in sekere departemente en afdelings verdien spesiale vermelding. Personeellede van die departemente Siviele Ingenieurswese, Ekonomie, Sportwetenskap, die Fakulteit Regsgeleerdheid, Maties Sport en die Rektoraat het veral hoë deelnamesyfers aangeteken. Die sessies is positief ontvang: Alle personeellede wat die terugvoeropname voltooi het, het aangedui dat hulle die program by kollegas sou aanbeveel,

Boonop het 24 personeellede in Junie spesifieke Siyakhula-opleidingsessies bygewoon. Deelnemers het uit akademiese en PASD-personeellede van verskeie afdelings en departemente bestaan. Die opleiding het onder meer gehandel oor dekolonisasie, moderne rassisme, gestremdheid, seksisme, seksuele teistering en gendervloeibaarheid teen die agtergrond van die US se strewe om 'n meer inklusiewe en instaatstellende instelling te word.

Een deelnemer het opgemerk: "Dit het my aangespoor om ook ná die tyd die gesprek voort te sit, en was 'n tipe ontwaking. Danksy die opleiding wil ek nog méér leer sodat ek 'n positiewe bydrae tot verandering in my omgewing kan maak." Die volgende stappe om die program verder uit te brei sluit in die opleiding van nóg personeelfasiliteerders en beter toegang tot gesentraliseerde sessies.

6.6 Die verbetering van personeelwelstand

'n **Omvattende strategie vir personeelgesondheid en -welstand**, wat hierdie belangrike institusionele prioriteit sal ondersteun, word tans ontwikkel en sal binnekort in alle US-omgewings bespreek word. Dit word in noue samewerking met die Kampusgesondheidsdiens en ander tersaaklike rolspelers opgestel.

Bestaande en voortgesette inisiatiewe vir personeelwelstand by die US sluit die volgende in:

- Werknembystandsprogram – Deurlopende emosionele en raadgewende steundienste word voorsien aan personeelle wat met interpersoonlike konflik, egskeiding, middelmisbruik, mediese ongeskiktheid, trauma en verlies sukkel.
- Personeelverrykingsprogram – Die volgende werksessies is in die verslagtydperk as deel van hierdie program aangebied: bekendstelling van nuwe personeelle aan werknemerwelwees (deur 100 personeelle bygewoon), toesighoudende opleiding (12), die bou van doeltreffende verhoudings in die werkplek (16) en verstandige geldbestuur (20).

6.7 Gesondheidsbewustheid

As deel van voortgesette pogings om die gesondheid en welstand van werknemers te verbeter, het beroepslui verbonde aan KGD 'n aantal **gesondheidsverwante artikels** op die US-webwerf geplaas oor onderwerpe soos geestesgesondheid, ergonomika in die werkplek, 'n wêreld sonder tabak, hartritme, mangesondheid, en hoë bloeddruk. In Mei, Vrouegesondheidsmaand, het die kollig op ystertekortanemie geval – 'n toestand wat 'n beduidende aantal vroue raak. Hoewel die verspreiding van selfaangewende geestesgesondheidsvraelyste (vir angste en depressie) stelselmatig toeneem, bly die aanvraag daarna baie laag.

6.8 Leierskap- en bestuursontwikkeling

Ons Afdeling Menslike Hulpbronne (MH) bied deurlopend leierskap- en bestuursontwikkelingskursusse vir lynbestuurders aan. In die oorsigtydperk het:

- 35 lynbestuurders MH-werksessies oor 'n verskeidenheid onderwerpe, waaronder finansiële bestuur en menslikehulpbronnebestuur, bygewoon;
- ses lynbestuurders van die Fakulteit AgriWetenskappe 'n werksessie oor ontwerpdenke bygewoon wat gefasiliteer is deur prof Daniel Malan, die direkteur van die Sentrum vir Korporatiewe Bestuur in Afrika by die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool (USB); en
- 21 senior lynbestuurders aan 'n gesprek oor stelselsdenke as alternatiewe benadering tot intellektuele prosessering deelgeneem onder leiding van dr Morne Mostert, die direkteur van USB se Instituut vir Toekomstnavorsing.

SLOT

Kollegas, hoewel ons land en Universiteit voor menige uitdaging staan, moet ons nie moed opgee of wanhopig raak nie. Ons is dit aan huidige en toekomstige generasies verskuldig om te volhard ter wille van 'n beter samelewing. Terselfdertyd maak ons op verskeie gebiede goeie vordering by die US. Kom ons behou die momentum en gaan voort om ons in ál ons werksaamhede deur die Universiteit se waardes van uitnemendheid, deernis, verantwoordbaarheid, respek en billikheid te laat lei.



**Prof WJS de Villiers,
Rektor en Visekanselier**

BYLAAG: MENINGSARTIKELS EN RUBRIEKE

Meningsartikels (28 Mei tot 2 September 2019)

OUTEUR	VAN (omgewing of afdeling)	OPSKRIF	PUBLIKASIE (klik vir artikel)
Dr Njeri Mwangi	Instituut vir Toekomsnavorsing	How can Africa indigenise capitalism?	The Star (28 Mei)
Prof Juliana Claassens	Ou & Nuwe Testament	Connecting with centuries-old stories about women's painful struggles	The Conversation (28 Mei)
Prof Johann Kirsten	Buro vir Ekonomiese Ondersoek	Unravelling the complexities of land reform in South Africa	Daily Maverick (29 Mei)
Prof Nick Vink	Landbou-ekonomie		
Prof Lesley le Grange	Kurrikulumstudie	How controversial "racist" research opens door for a decolonisation drive	The Conversation (29 Mei)
Dominique Fuchs	BA-student (Geesteswetenskappe)	Millenniërs: Ons is nie almal ondankbaar, selfbehep nie	Netwerk24 (30 Mei)
Prof André Roux	US Bestuurskool	Optimism at odds with reliance on state for job growth	Business Live (30 Mei)
Prof Mark Swilling & Amanda Gcanga	Sentrum vir Komplekse Sisteem in Transisie	Ramaphosa's New Dawn is here — but what it will take to bring the civil service back to life?	Daily Maverick (30 Mei)
Andrew Boraine	Wes-Kaapse Ekonomiese Ontwikkelingsvennootskap		
Heinrich Anderson	BCom-student	'n Paar uur saam met iemand wat op straat woon	Netwerk24 (30 Mei)
Dr Morné Mostert	Instituut vir Toekomsnavorsing	Africa has great potential to shape fifth industrial revolution	Business Live (31 Mei)
Prof Aslam Fataar	Opvoedingsbeleidstudie	Reimagining Imam Abdullah Haron's path of shahadah (bearing witness) in the quest for justice and dignity	Muslim Views (31 Mei)
Prof Thuli Madonsela	Sosiale Geregtigheid	The SA we want	City Press (2 Jun)
Dr Cornelis van der Lugt	US Bestuurskool	Importance of aligning reporting standards for effective oversight	Business Live (3 Jun)
Prof Manie de Klerk	US Bestuurskool	NHI is a funding model masquerading as a delivery system	Business Live (4 Jun)
Leandri Louw	BA-student (Musiek)	Ekskuus van die jonges aan die oues	Netwerk24 (4 Jun)
Dr Jeanette de Klerk-Luttig	Eenheid vir Morele Leierskap	Onderwys: die ANC-regering se grootste mislukking die afgelope 25 jaar	LitNet (4 Jun)
Mart-Marié Serfontein	BA-student (Regte)	'Ons gaan nooit goed genoeg vir julle wees nie'	Netwerk24 (4 Jun)
Dr Amanda Brand	Sentrum vir Bewysgebaseerde Gesondheid	Pollution and its effects	Cape Argus (5 Jun)
Dr Patrick Katoto	Katolieke Universiteit Leuven		
Elsa Richter	Nagraadse Diploma-student (Bemarking)	Die tye het verander, Oupa!	Netwerk24 (5 Jun)
Dr Alanna Rebelo & Courtney Morris	Bewaringsekologie & Entomologie	Financial incentives could spur cities and land owners to protect wetlands	The Conversation (5 Jun)
Prof Lizette Rabe	Joernalistiek	'Dis oukei vir 'n dokter om nie oukei te wees nie'	Netwerk24 (5 Jun)
Tamunodein Princewell	BA-student (Internasionale Studies)	'Ons is nie lui nie, ons hou net van dink'	Netwerk24 (6 Jun)
Eduan Beukman	BRek LLB-student	'Help ons om die aarde te red'	Netwerk24 (6 Jun)
Emily O'Ryan	BAHons-student (Politieke Wetenskap)	Generasie Z: Ons is té gespanne vir ons ouderdom	Netwerk24 (6 Jun)
Prof Nuraan Davids	Opvoedingsbeleidstudie	Make democracy come alive at schools	Mail & Guardian (7 Jun)
Anke van der Merwe	BAHons-student (Joernalistiek)	Sosiale media is nie die vyand nie	Netwerk24 (7 Jun)

OUTEUR	VAN (omgewing of afdeling)	OPSKRIF	PUBLIKASIE (klik vir artikel)
Anmari Meiring	BA-student (Maatskaplike Werk)	'Ons land is gebreek, stukkend en gewond'	Netwerk24 (7 Jun)
Dr Jeanette de Klerk-Luttig	Eenheid vir Morele Leierskap	Oorlewing of omgee?	Die Burger (8 Jun)
Reynard Marx	BIng-student (Bedryfsingenieurswese)	Pasop om Ramaphosa te onderskat	Netwerk (11 Jun)
Prof Dion Forster	Sistematiese Teologie en Ekklesiologie	"Worthy women": Sexual bargaining for a place in utopia – or dystopia?	Counterpoint (11 Jun)
Sunelle Stander	Universiteit van Alabama		
Anmari Meiring	BA-student (Maatskaplike Werk)	Sit neer jou voet en gesels met jou kind	Netwerk24 (13 Jun)
Dr Luke Metelerkamp	Sentrum vir Komplekse Sisteme in Transisie & Rhodes-universiteit	Youth want to farm, but not as slave labour	Mail & Guardian (14 Jun)
Dr Gustav Hendrich	Geskiedenis	Russian rises once more	Weekend Argus (15 Jun)
Carli van Wyk	LLB-student	A challenge to the youth to be dauntless in the face of SA's problems	News24 (16 Jun)
Tian Alberts	LLB-student	Jonges moet met oplossings kom	Rapport (16 Jun)
Dr Tristen Taylor	Filosofie	Drought drives Karoo to collapse	Sunday Times (16 Jun)
Delme Cupido	Open Society-inisiatief vir Suider-Afrika		
Adam Cruise	PhD-student (Omgewingsfilosofie)	Elephant Holocaust: Africa's giants are losing ground faster than ever	Journal of African Elephants (18 Jun)
Prof Michael le Cordeur	Kurrikulumstudie	Afwesige pa's kortwiek jeug	Netwerk24 (19 Jun)
Luke Waltham	BA-student (Regte)	#PrideMonth: Being bisexual is not a phase, and it's not a choice	IOL (19 Jun)
Nicola Spingies	BA-student (Taal & Kultuur)	Dit gaan oor meer as net 'n papierstrootjie ...	Netwerk24 (19 Jun)
Prof Thuli Madonsela	Sosiale Geregtigheid	Instilling ethics in future leaders	Financial Mail (20 Jun)
Marisa de Kock	BCom-student	Dis okay om nie altyd okay te wees nie ...	Netwerk24 (20 Jun)
Dr Chris Jones	Eenheid vir Morele Leierskap	Democracy still rules – for now	Mail & Guardian (21 Jun)
Leandri Louw	BA-student (Musiek)	Het ons van Mandela se drome vir SA vergeet?	Netwerk24 (21 Jun)
Dr Ilana van Wyk	Sosiologie en Sosiale Antropologie	How Pentecostalism explains Jacob Zuma's defiance and lack of shame	The Conversation (25 Jun)
Prof Suzette Viviers, dr Nadia Mans-Kemp & Lizelle Coetzee	Ondernemingsbestuur	Environmental, social and governance issues also an investor issue	Business Live (25 Jun)
Prof George Claassen	Joernalistiek	Science denialism is a litmus test for quality journalism	News24 (25 Jun)
Dominique Fuchs	BA-student (Geesteswetenskappe)	'Ek droom van 'n SA sonder plaasmoorde'	Netwerk24 (26 Jun)
Dr Jeanette de Klerk-Luttig	Eenheid vir Morele Leierskap	Education: Biggest failure of the ANC government the past 25 years	News24 (26 Jun)
Tian Alberts	LLB-student	Dís hoe ons armoede halveer teen 2039	Netwerk24 (26 Jun)
Shaznay Henney	BA-student (Sosiale Dinamika)	Hoe keer ons dat werkloos, moedeloos word?	Netwerk24 (26 Jun)
Mart-Marié Serfontein	BA-student (Regte)	Gaan SA oor 20 jaar nog staan?	Netwerk24 (27 Jun)
Prof Theo Veldsman	US Bestuurskool & Universiteit van Johannesburg	Higher education institutions need to face up to the future	Mail & Guardian (28 Jun)
Prof Anton van Niekerk	Filosofie	Dink meer inklusief oor identiteit	Die Burger (29 Jun)

OUTEUR	VAN (omgewing of afdeling)	OPSKRIF	PUBLIKASIE (klik vir artikel)
Doris Viljoen	Instituut vir Toekomsnavorsing	Education: back to the drawing board	Sunday Times (30 Jun)
Prof Desmond Painter	Sielkunde	Hoor my lied	Rapport (30 Jun)
Prof Thuli Madonsela	Sosiale Geregtigheid	Confronting the past	City Press (30 Jun)
Herschelle Benjamin	Magisterstudent (Drama en Teaterstudie)	Ons móét praat oor klimaat	Netwerk24 (1 Jul)
Carla Visagie	BA-student (Geesteswetenskappe)	Cyril, kom ons los eerder die slim stad en die sneltrein ...	Netwerk24 (1 Jul)
Prof Mark Swilling	Sentrum vir Komplekse Sisteeme in Transisie	Gloom the theme of Davos conversations	New Agenda (1 Jul)
Dr Renata Schoeman	US Bestuurskool	Is your boss a psychopath?	Cape Argus (3 Jul)
Lia Snijman	BAHons-student (Joernalistiek)	Decolonise education — by including Afrikaans	Daily Maverick (7 Jul)
Eduan Beukman	BRek LLB-student	SA kort 'n jeugminister	Netwerk24 (9 Jul)
Karen Truter	Magisterstudent (Agronomie)	'So, hoekom is jy nog single?'	Netwerk24 (10 Jul)
Carla Visagie	BA-student (Geesteswetenskappe)	Dis nie maklik om te boer nie	Netwerk24 (10 Jul)
Dr Luke Metelerkamp	Sentrum vir Komplekse Sisteeme in Transisie & Rhodes-universiteit	For success, train families not farmers	Bizcommunity (12 Jul)
Prof Mark Swilling, dr Nina Callaghan & dr Robyn Foley	Sentrum vir Komplekse Sisteeme in Transisie	South African probe into corruption awaits a star witness – Jacob Zuma	The Conversation (12 Jul)
Ané Havenga	BCom Regte-student	Sien jy kans om jou kinders in SA groot te maak?	Netwerk24 (12 Jul)
Marisa de Kock	BCom-student	'n Dag kan jou lewe verander	Netwerk24 (12 Jul)
Mart-Marié Serfontein	BA-student (Regte)	Pasop vir 'n man wat 'n graad én 'n vrou soek ...	Netwerk24 (12 Jul)
Dr Kim Wale	Historiese Trauma en Transformasie	Embracing our legacy	Weekend Argus (13 Jul)
Dr Tristen Taylor	Filosofie	Mogoeng's 'sifting mechanism' is not appropriate for a democratic country	Sunday Times (14 Jul)
Prof Peter Weingart	Universiteit van Bielefeld & Sentrum vir Navorsing oor Evaluasie, Wetenskap en Tegnologie (SENWET)	THE World Reputation Rankings 2019: the dizzying effect of spin	Times Higher Education (17 Jul)
Prof Nico Koopman	Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel	Mandela was neither saint nor sell-out	The Star (17 Jul)
Emily O'Ryan	BAHons-student (Politieke Wetenskap)	Wat van 'n jeugparlement?	Netwerk24 (17 Jul)
Prof Lindy Heinecken	Sosiologie en Sosiale Antropologie	The army is being used to fight Cape Town's gangs. Why it's a bad idea	The Conversation (17 Jul)
Tamunodein Princewell	BA-student (Internasionale Studies)	Gee die jeug 'n kans	Netwerk24 (18 Jul)
Dr Wilhelm Verwoerd	Historiese Trauma en Transformasie	Wilhelm Verwoerd: Reconciliation requires more than 'tea with Madiba'	News24 (18 Jul)
Dr Chris Jones	Eenheid vir Morele Leierskap	Mandela taught us to forgive but to never forget	News24 (18 Jul)
Dr Chris Jones	Eenheid vir Morele Leierskap	Wanneer die wolwe wen	Rapport (21 Jul)
Prof Desmond Painter	Sielkunde	Die dag toe Johnny Clegg jou naam geroep het	Rapport (21 Jul)
Dr Laetitia Olivier	Strategiese Studies	South Africa's soldiers won't end gang violence. A co-ordinated plan might	The Conversation (23 Jul)
Prof Wim de Villiers	Rektor en Visekanselier	Big data a game-changer for universities	Mail & Guardian (25 Jul)
Wianda Gilliland	BAHons-student (Joernalistiek)	Instagram: Die storie is besig om suur te word	Netwerk24 (26 Jul)
Dr Wim Delva	Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenke	How data science in and for Africa can blaze new trails	The Conversation (28 Jul)

OUTEUR	VAN (omgewing of afdeling)	OPSKRIF	PUBLIKASIE (klik vir artikel)
Dr Alanna Rebelo Dr Tony Rebelo	Bewaringsekologie en Entomologie SA Nasionale Instituut vir Biodiversiteit	Cape Nature is in dire straits	Weekend Argus (28 Jul)
Eduan Beukman	BRek LLB-student	Die nuwe, vroulike 007 en Trump	Netwerk24 (30 Jul)
Prof Wim de Villiers	Rektor en Visekanselier	Die toekoms is reeds hier	Die Burger (1 Aug)
Henriette Scholtz	Skool vir Rekeningkunde	Holding out and why it's a problem	Accountancy SA (1 Aug)
Karin Cronje	Musiek	The harmony of phi space	Visi (1 Aug)
Julie Nxadi	Engels	A kitchen, a sunroom, and a thousand days	Visi (1 Aug)
Prof Daniel Malan	Sentrum vir Korporatiewe Bestuur in Afrika	If rot starts at the top, so too must hope begin with leadership	Mail & Guardian (5 Aug)
Ashwin Thyssen	Magisterstudent (Teologie)	Queer-fobie: Beskerm ons regte!	Netwerk24 (5 Aug)
Prof Christo Thesnaar	Praktiese Teologie en Missiologie	The 'divine discomfort' needed to lift SA out of its state of frozenness	News24 (5 Aug)
Prof Amanda Gouws	Politieke Wetenskap	Little is left of the feminist agenda that swept South Africa 25 years ago	The Conversation (5 Aug)
Prof Johann Kirsten	Buro vir Ekonomiese Ondersoek	Practical steps for a radical but sustainable redistribution of land	Business Day (7 Aug)
Mphumzi Mdekazi	Politieke Wetenskap	Why inequality is a political choice	Cape Argus (7 Aug)
Prof Suzette Viviers & Johan Steyn	Ondernemingsbestuur	Being truly responsible investors — and telling the world about it — would set asset managers apart	Business Live (8 Aug)
Prof Nuraan Davids	Opvoedingsbeleidstudie	Army must uphold constitutional values	Mail & Guardian (8 Aug)
Dr Elisabeth le Roux	Eenheid vir Godsdien- en Ontwikkelingsnavorsing	Women experience oppression differently. Our response must be nuanced	News24 (8 Aug)
Dr Funlola Olojede	Beyers Naudé Sentrum vir Publieke Teologie	Women still undermined	Cape Argus (8 Aug)
Carli van Wyk	LLB-student	No challenge too insurmountable for women	Eikestadnuus (8 Aug)
Deidre Samson	Instituut vir Toekomsnavorsing	Agile in a future world of work	Eikestadnuus (8 Aug)
Prof André Roux	US Bestuurskool	Only a continental education makeover will deliver Africa's demographic dividend	Sunday Times (11 Aug)
Dr Chris Jones	Eenheid vir Morele Leierskap	Hoe leef jy as jy nie werk?	Rapport (11 Aug)
Prof Michael Kahn	SENWET	Political intervention must drive SA's science innovation	Daily Maverick (12 Aug)
Dr Patrick Okonkwo	Siviele Ingenieurswese	South Africa's construction industry could become safer. Here's how	The Conversation (12 Aug)
Luke Waltham	BA-student (Regte)	We are desperate for a strong SRC in Stellenbosch	News24 (13 Aug)
Dr Ross Anthony	Sentrum vir Chinese Studie	Hong Kong at the crossroads as China ramps up propaganda	Daily Maverick (14 Aug)
Prof Lindy Heinecken	Sosiologie en Sosiale Antropologie	Soldiers won't stem gang violence because South Africa's army is in a sorry state	The Conversation (15 Aug)
Prof Johann Kirsten	Buro vir Ekonomiese Ondersoek	If you want land reform, make it easy with nudges and incentives	Business Day (16 Aug)
Prof Michael le Cordeur	Kurrikulumstudie	Gesoek: 'n Vrou om ons te red	Netwerk24 (17 Aug)
Prof Thuli Madonsela	Sosiale Geregtigheid	Tribe on a quest for social justice	City Press (18 Aug)
Karen Truter	Magisterstudent (Agronomie)	Laat jou innerlike kind uitkom	Netwerk24 (19 Aug)
Roxanne Mooneys	BAHons-student (Joernalistiek)	Vrouemaand: Hoekom is ons so bang om ons stemme te laat hoor	Netwerk24 (19 Aug)

OUTEUR	VAN (omgewing of afdeling)	OPSKRIF	PUBLIKASIE (klik vir artikel)
Dominique Fuchs	BA-student (Geesteswetenskappe)	Dis moeilik om 'n feminis te wees	Netwerk24 (20 Aug)
Lia Snijman	BAHons-student (Joernalistiek)	Aanvaar Afrika(ans) aan die US	LitNet (20 Aug)
Lia Snijman	BAHons-student (Joernalistiek)	Spot maar oor BA – julle kan nie sonder ons nie	Netwerk24 (22 Aug)
Prof Jaco le Roux Drs Florencia Yanneli & Heidi Hirsch Prof José María Iriundo Alegria Prof Marcel Rejmánek Maria Loreto Castillo	Macquarie Universiteit Sentrum vir Indringerbiologie Rey Juan Carlos Universiteit Universiteit van Kalifornië Sentrum vir Indringerbiologie	Plants are going extinct up to 350 times faster than the historical norm	The Conversation (22 Aug)
Jane Wiltshire	Instituut vir Afrikanatuurlewe- ekonomie	Rhino horn trade – designing a sales mechanism should international trade become legal	Africa Geographic (22 Aug)
Dr Lieketseng Ned	Sentrum vir Rehabilitasiestudies	Include indigenous knowledge and cultures in the curriculum to improve health	Mail & Guardian (23 Aug)
Jean-Marie Potgieter	PhD-student (Teoretiese Sintaksis)	Ek het uit die kas geklim en dis okay	Netwerk24 (23 Aug)
Dr Azille Coetzee	Politieke Wetenskap	'Big little lies': Fantasie, seks deur die prettig-feministiese lens	Vrye Weekblad (23 Aug)
Prof Johann Kirsten	Buro vir Ekonomiese Ondersoek	Donations to land reform fund will take burden off farmers	Business Day (23 Aug)
Prof Nuraan Davids	Opvoedingsbeleidstudie	Disregard for religious diversity	City Press (25 Aug)
Dr Chioma Ohajunwa	Sentrum vir Rehabilitasiestudies	How a rural community hopes to retain spiritual life undermined by western ways	The Conversation (26 Aug)
Dr Tasneemah Cornelissen-Nordien	Maatskaplike Werk	Translating policy into service provision	Cape Argus (27 Aug)
Prof Stella Viljoen	Visuele Kunste	'Invasion': an exhibition that presents an artist's healing touch	The Conversation (27 Aug)
Emily O'Ryan	BAHons-student (Politieke Wetenskap)	Maak 'n verskil aan huiswerkers se lewe	Netwerk24 (28 Aug)
Mart-Marié Serfontein	BA-student (Regte)	Theresa en Hillary: Moenie vroue oor die glaskrans stoot nie	Netwerk24 (28 Aug)
Dr Lee-Ann Steenkamp	US Bestuurskool	South African taxpayers will bear the brunt of National Health Insurance	The Conversation (29 Aug)
Prof Johann Kirsten	Buro vir Ekonomiese Ondersoek	Bring in the bean counters to work out viable budgets for land reform	Business Day (30 Aug)
Prof Thuli Madonsela	Sosiale Geregtigheid	CR17-veldtog is misleidingsaksie, sê Thuli	Vrye Weekblad (30 Aug)
Prof Michael le Cordeur	Kurrikulumstudie	Hoe dink ons oor vroue?	Netwerk24 (30 Aug)
Prof Stella Viljoen	Visuele Kunste	On feminism and the art of 'looking back'	News24 (31 Aug)
Dr Azille Coetzee	Politieke Wetenskap	Hou op namens my haat saai	Rapport (1 Sep)

Rubrieke (28 Mei tot 2 September 2019)

OUTEUR	VAN (omgewing of afdeling)	OPSKRIF	PUBLIKASIE (klik vir artikel)
Prof Johan Fourie	Ekonomie	Why you'd want to be the neighbour of an African president	Finweek (6 Jun)
		Why South Africans are emigrating – and what to do about it	Finweek (20 Jun)
		Why the series you binge-watch could affect the next election	Finweek (4 Jul)
		Die vele probleme van mans	Rapport (21 Jul)
		Do financial analysts add value?	Finweek (15 Aug)
		The real (and unaccounted) costs of coal power	Finweek (26 Aug)
Prof Amanda Gouws	Politieke Wetenskap	Getalle bepaal nie dié gelykheid	Netwerk24 (4 Jun)
		Help die vroue in die landbou	Netwerk24 (18 Jun)
		SANW kan gerus hijab-debat volg	Die Burger (2 Jul)
		Wat is politieke inkorrektheid?	Die Burger (16 Jul)
		Is daar nog iets soos moraliteit?	Netwerk24 (30 Jul)
		Toni Morrison se lesse ook vir SA	Netwerk24 (13 Aug)
		Só kan ons nie 'n nasie bou nie	Die Burger (27 Aug)
Prof Jonathan Jansen	Opvoedkundige Sielkunde	When we let religion into public institutions, we play with fire	Times Live (30 Mei)
		Act of scandalous grace is just what we need in troubled times	Times Live (6 Jun)
		Pupils to pass even if they fail? SA's schooling goes from bad to worse	Times Live (13 Jun)
		There's nothing like a second mother's love	Times Live (20 Jun)
		Specialist degrees are worthless - kids need to learn on the job	Times Live (27 Jun)
		SA is a nation of whiners – it's about time we were problem solvers	Times Live (4 Jul)
		How to stop your child's curiosity being killed by school	Times Live (11 Jul)
		Angry? See a shrink, don't burn books and ruin someone's future	Times Live (18 Jul)
		Dire learning: SA varsities are mob-run quasi-welfare organisations	Times Live (25 Jul)
		Cape Town is stuck in apartheid. It's an ugly blot on a beautiful city	Times Live (1 Aug)
		Stop wailing about your degree – here are 10 hard facts for the jobless	Times Live (8 Aug)
		Unisa has a race problem: if you're black, promotion's a walk in the park	Times Live (15 Aug)
		Poor township schools will miss out on Cyril's tech revolution	Times Live (22 Aug)
		The Alice cow killings ring alarm bells about SA's moral crisis	Times Live (27 Aug)
		Mercy Kannemeyer	Magisterstudent (Drama en Teaterstudie)
Van generasie tot generasie	Vrye Weekblad (26 Jul)		

Prof Nico Koopman	Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel	Dié arrogansie en hoogmoed vernietig ons	Die Burger (5 Jun)
		Heimwee help bou aan nuwe samelewing	Die Burger (12 Jun)
		Ons durf nie doemprofete reg bewys nie	Die Burger (3 Jul)
		Só oorkom ons geweld in ons samelewing	Netwerk24 (10 Jul)
		God is beslis nie anders nie, maar wel meer	Netwerk24 (31 Jul)
		Sorg só dat die samelewing nie inplof nie	Die Burger (7 Aug)
		Op elke mens staan geskryf: 'Breekbaar'	Netwerk24 (28 Aug)
Prof Reggie Nel	Dekaan: Teologie	Ware geestelike herlewning in SA broodnodig	Beeld (26 Jun)
		Manwees en baasskap gaan nie meer saam	Beeld (7 Aug)
Prof Anton van Niekerk	Filosofie	Ons beskawing op die spel	Die Burger (11 Jun)
		Word hulle ook onthou?	Die Burger (25 Jun)
		Moedskep vir die toekoms	Die Burger (9 Jul)
		Die universiteit as 'n idee	Die Burger (23 Jul)
		Drome van normaliteit	Die Burger (6 Aug)
		'Mafia' op die bouverseel	Netwerk24 (20 Aug)
Dr Leslie van Rooi	Senior Direkteur: Sosiale Impak en Transformasie	Debatte op kampus: 'Ons hoor net onself'	Netwerk24 (30 Mei)
		Wat doen ons met ons land se geskiedenis(se)?	Netwerk24 (20 Jun)
		Hoor my lied: Ons kán in ritme saamsing	Vrye Weekblad (28 Jun)
		Daar is plek in SA vir private universiteite	Netwerk24 (15 Jul)
		Elektrisiteit: sonde met die Suider-Afrikaanse bure	Vrye Weekblad (26 Jul)
		Jy is meer as jou manlikheid	Netwerk24 (22 Aug)

MEDEWERKERS

Hierdie verslag is saamgestel deur **Desmond Thompson**, Senior Kommunikasiespesialis: Uitvoerende Bestuur, in oorleg met **prof Wim de Villiers**, Rektor en Visekanselier, en **dr Jerome Slammat**, Uitvoerende Bestuurder: Rektoraat. Die verslag is finaal goedgekeur deur **prof Nico Koopman**, wat op daardie tydstip Waarnemende Rektor was. Die **US Taalsentrum** het die redigering en vertaling gefasiliteer. Ons gee ook erkenning die volgende medewerkers (in alfabetiese volgorde volgens US-omgewing):

Akademiese Beplanning en Gehalteversekering: André Müller, Maya Sutherland.

Biblioteek- en Inligtingsdiens: Ellen Tise, Mimi Seyffert-Wirth.

Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe: Ronel Bester.

Fakulteit Natuurwetenskappe: Wiida Fourie-Basson.

Fasiliteitsbestuur: Nicolette van den Eijkel, dr Viljoen van der Walt, Japie Engelbrecht.

Finansies: Manie Lombard, Liesel Grobbelaar.

Inligtingsoorsigbestuur: prof Ian Cloete, Leon Eygelaar, dr Wilhelm Uys, dr Alten du Plessis, Tarien Jacobs, Loumarie Kistner, Carla Kroon.

Kantoor van die Bedryfshoof: prof Stan du Plessis, Mariëtte Hanekom.

Korporatiewe Kommunikasie: dr Phumzile Mmope, dr Alec Basson, Susan van der Merwe, Marick Hornsveld, Marguerite Cloete, Martin Viljoen, Candes Keating, Desmond Thompson, Rozanne Engel, Elsabé Barlow, Conita Henry.

Leer en Onderrig: prof Arnold Schoonwinkel, dr Antoinette van der Merwe, Jean Pretorius.

Maties Sport: Ilhaam Groenewald, Jerry Laka, Pia Nanny, Trisha Bam.

Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie: prof Eugene Cloete, Inge-Rae Scholtz.

Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge: Karen Bruns, Ilse Arendse, Jill Sloan.

Registrateursafdeling: dr Ronel Retief, Beire Kramer, Ashmind Daniels.

Regsdienste: Gerhard Lipp

Rektoraat: prof Wim de Villiers, dr Jerome Slammat, Wildré Kok, Chriszelda Adendorff.

Sentrum vir Leertegnologieë: dr JP Bosman, dr Sonja Strydom, Miné de Klerk, Christina Harvett.

Sentrum vir Studentegemeenskappe: Joy Petersen, Noel Bekkers, Delecia Davids, Lisinda de Jager, Riana Engelbrecht.

Sentrum vir Studenteberading en -ontwikkeling: dr Elmien Sinclair, Charl Davids, dr Marcia Lyner-Cleophas, Marquard Timmey, Jaco Brink, Michelle Munro, Qaqamba Mdaka, dr Munita Dunn-Coetzee.

Sentrum vir Studenteleierskap en -strukture: Ruth Andrews, Anele Mdepa, Thulani Hlatswayo, Heidi October, Spurgeon Wilson, Monique Withering, Tonia Overmeyer.

Sentrum vir Onderrig en Leer: dr Melanie Skead, dr Nicoline Herman, dr Hanelie Adendorff, Veronica Beukes, Ilke Gideons, Karin Cattell-Holden, Anthea HM Jacobs, dr Gerda Dullaart, Claudia Swart-Jansen van Vuuren, Charmaine van der Merwe, dr Gert Young.

Sosiale Impak, Transformasie en Personeel: prof Nico Koopman, Tania Arrison, Victor Mothobi, dr Pierre Viviers, dr Craig Thompson, Greshne Davids, Susan Crumpton, Ernestine Meyer-Adams, Renee Hector Kannemeyer, Mawethu Nyakatya, Chrischar Rock, Michelle Pietersen, Joanne Williams, Avril Whate, Lynette Carstens, Jubelian Korkie, Bongani Mgijima, Johannes Adams, Ulrich Wolff, Ricardo Brecht, Natasha Coltman, Elvandré Galant, Saartjie Botha, Fiona van Kerwel, Babalwa Gusha, Claire Kelly, Charl Linde, dr Leslie van Rooi.

Strategie en Internasionalisasie: prof Hester Klopper, Mohamed Shaikh, Hazel Alexander.

Strategiese Inisiatiewe: dr Barbara Pool.

Studentesake: dr Birgit Schreiber, Khairoonisa Foflonker, JC Landman.

Studentetoeegang: Christelle Feyt, dr Celeste Nel, Arrie Hanekom, JD Blanckenberg, Michelle Swart.

Taalsentrum: dr Kabelo Sebolai, Ydalene Coetsee, Fiona Stanford.

Universiteit Stellenbosch Bestuurskool (USB): Amber Viviers.

US Internasionaal: Robert Kotzé, prof Sarah Howie, dr Nico Elema, Ben Nel, Alecia Viljoen.